Akademiese organisasie	Maatskaplike Werk en Krim
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

Eksamen/Voordrag oor die proefskrif.

Proefskrif: Kriminologie 990 (KRM 990)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	360.00
Programme	DPhil Kriminologie
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Maatskaplike Werk en Krim
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

'n Onderwerp wat deur die leerder gekies is, word onafhanklik nagevors. Die aard van die studie moet sodanig wees dat 'n betekenisvolle bydrae tot bestaande wetenskaplike kennis in die Kriminologie gemaak word. 'n Omvattende en gevorderde verslag moet oor die goedgekeurde projek opgestel word. Ander vereistes: Kundige, hoogs gespesialiseerde en gevorderde navorsing, wat binne die dissipline en interdisiplinêr waarde het. Beplanning, hulpbronbenutting, bestuur en optimalisering van alle aspekte van die navorsingsproses binne die komplekse en onvoorspelbare kontekste word verwag. Benutting van rekenaarprogramme vir analise en/of verslagskrywing word veronderstel asook akademiese en wetenskaplike leierskap.

Kreatiewe manuskrip en dokumentasie 895 (KSK 895)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	180.00
Programme	MA Opsie: Kreatiewe Skryfkuns
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Eenheid Kreatiewe Skryfkuns
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

Die verhandeling moet bewys lewer van kreatiewe prestasie in een van die genres van
• poësie (insluitende liedtekste vir musiekdramas of kabaret),
• drama (insluitende musiekdrama/musiekteater, draaiboekskryf en radio-/TV-drama),
• prosa (fiksie),
• prosa (kreatiewe niefiksie: biografie of outobiografie), of
• literêre vertaling/oorvertelling.
Dit moet ‘n volledige werk of stel korter werke wees en behoort in wese die ekwivalent te wees van ten minste (in fiksie) kort roman of versameling kortverhale, of (in poësie) ‘n bundelgrootte versameling gedigte, of (in drama) vollengte drama of versameling van ten minste drie eenbedryfdramas. Die verhandeling moet dan bestaan uit ‘n substansiële stuk kreatiewe skryfwerk, vergesel van teoretiese gedeelte (verhandeling van beperkte omvang) waarin die kandidaat rekenskap gee van kontekste en invloede, en/of van die ontstaansproses en hersiening wat plaasgevind het tydens die produksie van die kreatiewe teks, en/of van teoretiese aspekte (bv tekstuele en intertekstuele strategieë) van die werk. Hierdie afdeling bedra 50% van die finale punt.

Eksamen: Kreatiewe skryfkuns 900 (KSK 900)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	20.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Eenheid Kreatiewe Skryfkuns

Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

Eksamen/Voordrag oor die proefskrif.

Proefskrif: Kreatiewe Skryfkuns 990 (KSK 990)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	480.00
Programme	PhD Opsie: Kreatiewe Skryfkuns
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Beide Afr en Eng
Akademiese organisasie	Eenheid Kreatiewe Skryfkuns
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

Doktorale proefskrif bestaande uit verlengde, onafhanklike navorsingsverslag wat bydrae lewer tot die akademiese debat in/oor kreatiewe skryfkuns. ’n Studieleier word aangewys om die student by te staan in die keuse van die onderwerp en die aanbieding van ’n navorsingsvoorstel voor registrasie.

Kontraktereg 211 (KTR 211)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	15.00
Programme	BA Regte BCom Regte
Diensmodules	Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe Fakulteit Geesteswetenskappe
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	1 tutoriaal per week, 4 lesing per week
Onderrigtaal	Beide Afr en Eng
Akademiese organisasie	Privaatreg
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

*Vir LLB en BA/BCom met spesialisering in regte (a) Algemene beginsels van die verbintenisreg (b) Totstandkoming van die kontrak (c) Inhoud van die kontrak (d) Interpretasie van skriftelike kontrakte (e) Kontrakbreuk (f) Remedies vir kontrakte (g) Beëindiging van kontraktuele verhoudings (h) Opstel van kontrakte

Verhandeling: Kultuurgeskiedenis 890 (KTS 890)

Kwalifikasie	Nagraads

Modulekrediete	240.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Historiese en Erfenisstudies
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

Verhandeling oor goedgekeurde kultuurhistoriese onderwerp.

Miniverhandeling: Kultuurgeskiedenis 895 (KTS 895)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	120.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Historiese en Erfenisstudies
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

Miniverhandeling oor goedgekeurde kultuurhistoriese onderwerp.

Eksamen: Kultuurgeskiedenis 900 (KTS 900)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	20.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Historiese en Erfenisstudies
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

Eksamen/Voordrag oor die proefskrif.

Proefskrif: Kultuurgeskiedenis 990 (KTS 990)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	480.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Dubbelmedium

Akademiese organisasie	Historiese en Erfenisstudies
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

Proefskrif oor goedgekeurde kultuurhistoriese onderwerp.

Arbeidsverhoudinge en arbeidsreg 754 (LAB 754)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	25.00
Programme	BSocSciHons Bedryfsosiologie en Arbeidstudies BSocSciHons Genderstudies BSocSciHons Sosiologie
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	1 lesing per week, 1 seminaar per week
Onderrigtaal	Engels
Akademiese organisasie	Sosiologie
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Hierdie module fokus op en bestudeer die aard en teorie van arbeidsverhoudings, die Suid-Afrikaanse arbeidsverhoudings en arbeidsreg in Suid-Afrika.

Latyn 110 (LAT 110)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	12.00
Programme	BA Geesteswetenskappe BA Musiek Musiek BA Regte BA Tale Tale BA Verlengde Program BPolSci Politieke Studies
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	2 besprekingsklasse per week, 2 lesing per week
Onderrigtaal	Engels
Akademiese organisasie	Antieke Tale en Kulture
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

*Nie vir studente wat Latyn in Gr 12 geslaag het nie Latynse taalkunde en leeswerk (1) en (2) Basiese kenmerke en gebruik van Klassieke Latyn: die Latynse werkwoord en naamwoord (vervoeging en verbuiging respektiewelik), basiese sintaksis, asook woordeskat. Die toepassing van verworwe kennis geskied aan die hand van oefeninge en die lees van aangepaste Latynse leesstukke met die nodige sosiale, politieke en historiese agtergrond. Voortsetting van vormleer en sintaksis. Uitbreiding van die basiese woordeskat. Aangepaste Latynse leesstukke vorm steeds die basis van die verwerwing van akademiese geletterdheid en leesvermoë.

Latyn 120 (LAT 120)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	12.00
Programme	BA Geesteswetenskappe BA Musiek Musiek BA Regte BA Tale Tale BA Verlengde Program BPolSci Politieke Studies
Voorvereistes	LAT 110
Kontaktyd	2 lesing per week, 2 besprekingsklasse per week
Onderrigtaal	Engels
Akademiese organisasie	Antieke Tale en Kulture
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

*Nie vir studente wat Latyn in Gr 12 geslaag het nie Latynse taalkunde en leeswerk (3) en (4) Voortsetting van vormleer en sintaksis. Uitbreiding van die basiese woordeskat. Aangepaste Latynse leesstukke dien steeds as praktiese toepassing van die verworwe grammatikale kennis ten einde die student se akademiese geletterdheid en leesvermoë te bevorder. Verdere uitbreiding van die student se kennis van die Latynse vormleer, sintaksis en woordeskat. Die klem val al hoe sterker op die lees van passasies, ontleding en verklaring van grammatikale vorme.

Latyn 210 (LAT 210)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	20.00
Programme	BA Geesteswetenskappe BA Musiek Musiek BA Regte BA Tale Tale BA Verlengde Program BPolSci Politieke Studies
Voorvereistes	LAT 110,120 of 'n slaagpunt in Latyn in Gr 12
Kontaktyd	2 lesing per week, 1 besprekingsklas per week

Onderrigtaal	Engels
Akademiese organisasie	Antieke Tale en Kulture
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Latynse literatuurstudie, taalkunde en geskiedenis (1) en (2) ‘n Seleksie uit die Latynse letterkunde, regs- en patristiese literatuur, Latynse taalkunde. ‘n Inleiding tot die Romeinse geskiedenis 'n Seleksie uit die Latynse letterkunde, verteenwoordigend van sowel prosa as poësie. Latynse taalkunde. Romeinse geskiedenis en konstitusie.

Latyn 220 (LAT 220)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	20.00
Programme	BA Geesteswetenskappe BA Musiek Musiek BA Regte BA Tale Tale BA Verlengde Program BPolSci Politieke Studies
Voorvereistes	LAT 210
Kontaktyd	2 lesing per week, 1 besprekingsklas per week
Onderrigtaal	Engels
Akademiese organisasie	Antieke Tale en Kulture
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Latynse literatuurstudie, taalkunde en geskiedenis (3) en (4) ‘n Seleksie uit die Latynse letterkunde, verteenwoordigend van sowel prosa as poësie. Latynse taalkunde. Romeinse geskiedenis en konstitusie. Latynse literatuurgeskiedenis.

Latyn 310 (LAT 310)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	30.00
Programme	BA Musiek Musiek BPolSci Politieke Studies
Voorvereistes	LAT 210, LAT 220
Kontaktyd	1 besprekingsklas per week, 2 lesing per week
Onderrigtaal	Engels

Akademiese organisasie	Antieke Tale en Kulture
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Latynse literatuurstudie, Romeinse geskiedenis en mitologie/godsdiens ‘n Seleksie uit Latynse letterkunde, verteenwoordigend van sowel prosa as poësie. Regs- en patristiese tekste kan ook ingesluit word. Latynse taalkunde. Romeinse geskiedenis. Grieks-Romeinse mitologie en godsdiens. Romeinse geskiedenis.

Latyn 320 (LAT 320)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	30.00
Programme	BA Musiek Musiek BPolSci Politieke Studies
Voorvereistes	LAT 310
Kontaktyd	2 lesing per week, 1 besprekingsklas per week
Onderrigtaal	Engels
Akademiese organisasie	Antieke Tale en Kulture
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Latynse literatuurstudie en oudhede ‘n Seleksie uit die Latynse letterkunde, verteenwoordigend van sowel prosa as poësie. Regs- en patristiese tekste kan ook ingesluit word. Romeinse geskiedenis. ‘n Seleksie uit die Latynse letterkunde, verteenwoordigend van sowel prosa as poësie. Regs- en patristiese tekste kan ook ingesluit word. ‘n Studie van die Romeinse antikwiteite en daaglikse lewe. Romeinse geskiedenis.

Romeinse lewens- en wêreldbeskouing 808 (LAT 808)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	20.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Beide Afr en Eng
Akademiese organisasie	Antieke Tale en Kulture
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

Selfstandige navorsing, ‘n geskrewe verslag en ‘n mondelinge voordrag oor ‘n gekose tema uit die volgende studiegebied: ‘n Studie van die lewens- en wêreldbeskouing van die Romeine. Temas soos hul siening van reg en verkeerd, goed en kwaad, geluk, deugsaamheid, vriendskap, ens. kan bestudeer word.

Verhandeling: Latyn 890 (LAT 890)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	180.00
Programme	MA Antieketaal- en -kultuurstudie
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Afrikaans
Akademiese organisasie	Antieke Tale en Kulture
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

Verhandeling gebaseer op onafhanklike navorsing in die studieveld van Latynse taal- en letterkunde.

Eksamen: Latyn 900 (LAT 900)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	20.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Antieke Tale en Kulture
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

Eksamen/Voordrag oor die proefskrif.

Proefskrif: Latyn 990 (LAT 990)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	480.00
Programme	DLiteratuur Latyn
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Antieke Tale en Kulture
Aanbiedingstydperk	Jaar

Taal, kultuur en kommunikasie 210 (LCC 210)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	20.00

Programme	BA Geesteswetenskappe BA Regte BA Tale Tale BA Verlengde Program
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	2 lesing per week
Onderrigtaal	Beide Afr en Eng
Akademiese organisasie	Afrikaans
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Taalpolitiek en taalbeplanning Die verhouding tussen taal en politiek, taalpolitieke kwessies, taal en identiteitskonstruksie, die aard van taalbeplanning, taalbeleid en die Suid-Afrikaanse grondwet, die sosiolinguistiese karakter van Suid-Afrika, taalbestuur, taaluitbreiding en -handhawing.

Populêre fiksie 220 (LCC 220)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	20.00
Programme	BA Geesteswetenskappe BA Regte BA Tale Tale BA Verlengde Program BIS Uitgewerswese
Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	2 lesing per week
Onderrigtaal	Beide Afr en Eng
Akademiese organisasie	Afrikaans
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Die onderskeid tussen literêre en “populêre” of “genre”-fiksie. Literêre “formules” en topverkopers. Verskeie benaderings tot die bestudering van populêre fiksie (sosiologiese, psigologiese, “kultuurstudie-” en teksgebaseerde benaderings).
Die fokus val op die studie van verskeie literêre “tipes” of “formules”: Avontuur, Romanse, Misterie, Wetenskapfiksie, ens, as formuleagtige artistieke konstruksies wat geskep is met die doel om te vermaak, teen die agtergrond van groter sosiopolitieke omstandighede.

Taal, kultuur en kommunikasie 312 (LCC 312)

Kwalifikasie	Voorgraads

Modulekrediete	15.00
Programme	BA Geesteswetenskappe BA Regte BA Tale Tale BA Verlengde Program
Voorvereistes	’n Gemiddelde van minstens 70% in ’n taal op tweedejaarsvlak.
Kontaktyd	1 lesing per week
Onderrigtaal	Beide Afr en Eng
Akademiese organisasie	Afrikaans
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

*Kwartaalmodule aangebied oor 14 weke
Selfstandige ondersoek (1)
‘n Selfstandige ondersoek: in oorleg met die departementshoof maak studente ‘n keuse uit die departementele fokusgebiede.

Taal, kultuur en kommunikasie 320 (LCC 320)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	30.00
Programme	BA Geesteswetenskappe BA Regte BA Tale Tale BA Verlengde Program
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	2 lesing per week
Onderrigtaal	Beide Afr en Eng
Akademiese organisasie	Afrikaans
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Taal en ontwikkeling In hierdie module kom die volgende temas aan bod: die konsepte taal en ontwikkeling; hulpmiddels vir die fasilitering van ontwikkeling en gebruik in die openbare sfeer; die Suid-Afrikaanse tale as instrumente vir ontwikkeling, strategieë vir die bevordering van taal.

Taal, kultuur en kommunikasie 322 (LCC 322)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	15.00

Programme	BA Geesteswetenskappe BA Regte BA Tale Tale BA Verlengde Program
Voorvereistes	’n Gemiddelde van minstens 70% in ’n taal op tweedejaarsvlak.
Kontaktyd	1 lesing per week
Onderrigtaal	Beide Afr en Eng
Akademiese organisasie	Afrikaans
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

*Kwartaalmodule aangebied oor 14 weke
Selfstandige ondersoek (2)
‘n Selfstandige ondersoek: in oorleg met die departementshoof maak die studente ‘n keuse uit die departementele fokusgebiede.

Inleiding tot die linguistiek 710 (LCC 710)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	20.00
Programme	BAHons Afrikaans BAHons Toegepaste Taalstudie
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	2 lesing per week
Onderrigtaal	Beide Afr en Eng
Akademiese organisasie	Afrikaans
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

Die aard van taal, taalkennis (grammatika), taalgebruik, taalverwerwing en taalverandering; komponente van die grammatika; analitiese en deskriptiewe konsepte en tegnieke.

Teorie van tweedetaalverwerwing 712 (LCC 712)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	20.00
Programme	BAHons Toegepaste Taalstudie
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	1 lesing per week
Onderrigtaal	Beide Afr en Eng

Akademiese organisasie	Afrikaans
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

Definisie van die probleem: die behoefte aan teorie van tweedetaalverwerwing: die aard van taal, die aard van die menslike verbale kommunikasieproses, dimensies van akademiese geletterdheid; die behoeftes van tweedetaalleerders in SA; die doelwitte van taalaanleer; die verskil tussen T1-, T2- en T3-verwerwing; tweedetaalaanleerprosesse; die aard van menslike leerprosesse; die aard van taalverwerwing; die faktore wat effek het op taalverwerwing; die sosio-kulturele konteks van taalverwerwing; die taalpolitieke konteks van taalverwerwing; die rol van die T1 in T2-verwerwing.

Inleiding tot die taalpolitiek 713 (LCC 713)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	20.00
Programme	BAHons Toegepaste Taalstudie
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	1 lesing per week
Onderrigtaal	Beide Afr en Eng
Akademiese organisasie	Afrikaans
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Die aard van taal as makroverskynsel; meertaligheid; die effek van industrialisering, verstedeliking en globalisering op die taalpolitieke lotgevalle van tale; taalpolitieke verskynsels: taalverskuiwing, taalattrisie, taaldood, taalhandhawing en taalherlewing; taalregte; die taalpolitiek as studieterrein.

Geletterdheidstudie 716 (LCC 716)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	20.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	2 lesing per week
Onderrigtaal	Beide Afr en Eng
Akademiese organisasie	Afrikaans
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Begripsomskrywing van geletterdheid en geletterdheidstudie; geletterdheid en basiese volwassene-onderwys; probleemareas van geletterdheidsonderrig; basiese volwassene-onderwys in Suid-Afrika (beleidsdokumente van die regering, die rolspelers, die struktuur van Adult Basic Education Training; verwagte uitkomste van en kritiek op ABET); basiese volwassene-onderwys in die eie omgewing en die rol van die individu.

Inleiding tot kopieskryf 717 (LCC 717)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	20.00
Programme	BAHons Vertaling en Professionele Skryfwerk
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	1 lesing per week, 1 besprekingsklas per week
Onderrigtaal	Engels
Akademiese organisasie	Afrikatale
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Inleiding tot die proses en praktyk van kopieskryf met toepassing op die gedrukte media, televisie, die internet, eksperimentele /aktivering /alternatiewe media.

Ontwerp van oorredende tekste 719 (LCC 719)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	20.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	2 lesing per week
Onderrigtaal	Engels
Akademiese organisasie	Afrikaans
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Oorreding en die inligtingsprosesseringsparadigma; denkmodel van oorreding (die rol van oortuigings, houdings, waardes en gedrag); subprosesse van oorreding: aandag (nuuswaarde, persoonlike betrokkenheid, interessantheid en motivering); begrip (verstaan van die argumente); en aanvaarding (bevoegdheid en motivering); die seleksie van inhoud (''framing'', ''fear appeals'', statistiek, anekdotes, oorsaaklikheid, ''hard-sell'' teenoor ''soft-sell'', getuigskrifte, ander vuisreëls), struktuur (interne en uiterlike struktuur), styl en illustrasies (illustrasies as periferale aanwysers; illustrasies en die afweeg van argumente); die rol van oorreding in die proses van kopieskryf; evaluasienavorsing.

Teksevaluering 721 (LCC 721)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	20.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	1 lesing per week
Onderrigtaal	Engels
Akademiese organisasie	Afrikaans
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Die begrippe effektiwiteit en doelmatigheid; leesbaarheid van tekste en die meting daarvan; teksgerigte, lesersgerigte en ekspertgerigte teksevalueringsmetodes; toepassing op spesifieke genres en doelgroepe, bv gesondheidsvoorligting, onderwystekste, instruktiewe tekste, tekste vir laaggeletterdes, ens.

Mediageletterdheid 722 (LCC 722)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	20.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	2 lesing per week
Onderrigtaal	Beide Afr en Eng
Akademiese organisasie	Afrikaans
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Die studie van semiotiek, aspekte van die narratologie en resepsieteorie; die analise van estetiese en populêre tekste; aspekte van kanonvorming en marginalisering.

Postkolonialiteit in wêreldletterkundes 723 (LCC 723)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	20.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Afrikaans
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Nie aangebied in 2014 nie Keuse van verskynsels en konsepte soos: die problematiek van die begrip “postkolonialiteit/postkolonialisme” in verhouding tot kolonialisme en postmodernisme; globalisering en neokolonialisme; kulturele imperialisme; grondleggers van postkoloniale studie; Eurosentriese diskoers; ideologie; hegemonie; meesternarratief van Westerse imperialisme; hibridisering; die “subaltern” as subjek; terug- en herskrywing; versetliteratuur; postkolonialisme en feminisme; postkolonialisme en Suid-Afrika; kanons; studie van relevante tekste uit die wêreldletterkunde.

Inleiding tot kultuur- en mediastudie 724 (LCC 724)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	20.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	1 lesing per week
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Afrikaans
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Nie aangebied in 2014 nie Die module behels inleidende studie van die vormgewende teoretiese tekste van die leidende denkstrominge en teoretici op die gebied van kultuur- en mediastudie. Vrae na die uiteenlopende omskrywings van kernbegrippe soos “kultuur”, “media”, “kommunikasie”, “Marxisme”, “strukturalisme”, “feminisme” en “postkolonialisme” en hul historiese begronding sal gevra word. Daarnaas sal die evolusie van sowel teoretiese opvattinge rondom kultuur en media as die vakgebied onder die loep geneem word.

Inleiding tot die algemene literatuurwetenskap 727 (LCC 727)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	20.00
Programme	BAHons Afrikaans BAHons Afrikatale
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	1 lesing per week
Onderrigtaal	Beide Afr en Eng
Akademiese organisasie	Afrikaans
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Die plek, aard en funksie van die algemene literatuurwetenskap, navorsing (hermeneuties, empiries), toepassing, analise, interpretasie, evaluering en kanonisering; literêre sisteme (velde), capita selecta uit 20ste-eeuse perspektiewe op letterkunde en die bestudering van letterkunde; sleutelkwessies in die Algemene Literatuurwetenskap; primêre en sekondêre bronne.

Literatuur en instellings 728 (LCC 728)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	20.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	1 lesing per week
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Afrikaans
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Nie aangebied in 2014 nie Temas soos: literêre sisteme (velde) en polisisteme; kanons en kanonvorming; die rol van die tekskritikus, uitgewer en resensent; sensuur; poëtikastudie; literêre klassifikasies; literêre beeldvorming en geskiedskrywing.

Twintigste-eeuse literatuurstudie 729 (LCC 729)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	20.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	1 lesing per week
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Afrikaans
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Nie aangebied in 2014 nie ‘n Betekenisvolle keuse uit die volgende: die begrip “teorie”; die positivistiese benadering; outonomiebewegings: Russiese Formalisme, New Criticism; Antropologiese kritiek; argetipiese kritiek; fenomenologiese kritiek; Strukturalisme; Semiotiek; Resepsieteorie; Poststrukturalisme en dekonstruksie; Nuwe Historisme; Feminisme; genderstudie; Postkolonialisme; taalhandelingsteorie; dialogiese kritiek; diskoersanalise; “queer”-teorie; empiriese literatuurstudie.

Navorsingsverslag 732 (LCC 732)

Kwalifikasie	Nagraads

Modulekrediete	30.00
Programme	BAHons Afrikaans BAHons Toegepaste Taalstudie
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Beide Afr en Eng
Akademiese organisasie	Afrikaans
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

Deel 1 – Teoretiese basis: Die konsepte “wetenskap” en “navorsing”; die verhouding “teorie”, “navorsing”, “toepassing”; vorme van navorsing (oa deskriptiewe, empiriese, toegepaste); die navorsingsproses (van die navorsingsvoorstel tot die navorsingsverslag: identifikasie en formulering van die probleem, ontwikkeling van hipoteses, data insameling en -interpretasie, ens); die gebruik van die rekenaar in navorsing. Deel 2 – Toepassing: Beperkte navorsingsprojek waarin die beginsels van navorsingsmetodologie toegepas word. Kandidaat moet die onderwerp en formaat vir goedkeuring voorlê aan die departementshoof of sy verteenwoordiger.

Capita Selecta 733 (LCC 733)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	20.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	1 lesing per week
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Afrikaans
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

Nie aangebied in 2014 nie Keuse uit die volgende temas:
Letterkunde en historiografie
Die teenwoordigheid van “geskiedenis” in literêre tekste uit verskillende tale en tydperke; die vervaging van dissiplinêre grense tussen geskiedenis en literatuur en die rol van “narratiwiteit” daarin; literatuur se funksie in die skep van “sosiale geheue”; historiografiese metafiksie; studie van tekste (literêr en histories) uit verskillende tale en tydperke.
of
Reistekste en postkoloniale denke
Voëlvlug oor die geskiedenis en aard van reisliteratuur (genres, plekke, onderwerpe); die teorie van reisliteratuur; reisliteratuur/reistekste binne die konteks van teorieë oor byvoorbeeld representasie, stereotipes, imperialisme, kolonialisme, postkolonialisme, diaspora, “nomadisme”, multikulturaliteit, nasionalisme, identiteit, gender, vertaling, kuberruimte; verhoudinge tussen kultuur en mag; narratiewe konvensies en “waarheid”; kannibalisme as troop van “andersheid”; studie van toepaslike tekste uit verskillende tale.
of
(Outo)biografie in wêreldletterkunde
Voëlvlug oor die geskiedenis en aard van biografie en outobiografie; biografie, outobiografie en hulle verhouding tot ander genres; biografieë en outobiografieë deur en oor vroue; teorieë oor subjektiwiteit en identiteit (“self”), feit en fiksie, objektiwiteit en representasie; studie van toepaslike tekste.
of
Mediagenreteorie
Genreteorie soos dit toegepas word op die terrein van die media- en kultuurstudie. Die faktore wat genrevorming beïnvloed, interne en eksterne kenmerke sowel as die resepsie van mediaprodukte sal in die module aandag kry.
of
Afrika: denke, media en kultuur
Die tekste en praktyke van leidende Afrika kulturele, literêre en mediafigure en sosiale bewegings sal bespreek word met verwysing na hul bydrae tot die ontwikkeling van Afrika-denke en kultuur. Figure soos Achebe, Biko, Cesaire, Garvey, Fanon, Mazrui, Rodney, Senghor en Soyinka sal in hierdie module bespreek word.

Kultuur, media, identiteit en diversiteit 734 (LCC 734)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	20.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	1 lesing per week, 1 seminaar per week
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Afrikaans
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

In die module word aspekte van identiteitsvorming en diversiteit in die kultuur- en mediaverband ontleed. Hierdie ondersoek sal geskied aan die hand van eietydse tekste en mediaprodukte. Deelnemers behoort te ontdek hoe die media inligting struktureer met verreikende gevolge vir mense se persepsie van hulself, hul omgewing en die ander.

Teorie van media-analise 735 (LCC 735)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	20.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	1 lesing per week
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Afrikaans
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

In hierdie module val die klem op aspekte van media-ontleding, synde gedrukte, elektroniese of nuwe mediavorme. Aan die hand van bestaande teorieë sal die media-aanbod ontleed word om die prosesse van boodskapvorming, manipulasie en oortuigingstrategieë te formuleer en te agterhaal.

Inleiding tot die sosiolinguistiek 738 (LCC 738)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	20.00
Programme	BAHons Toegepaste Taalstudie
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	1 lesing per week
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Afrikaans
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Hierdie module gee 'n oorsig oor die ontwikkeling van die sosiolinguistiek as ’n aparte onderafdeling van die groter linguistiekveld. Die vernuwende en belangwekkende bydrae van die sosiolinguistiek tot die linguistiek en toegepaste taalstudie word ondersoek.

Taalpolitiek 810 (LCC 810)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	20.00

Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	2 lesing per week
Onderrigtaal	Beide Afr en Eng
Akademiese organisasie	Afrikaans
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Taalpolitiek en taalbeplanning Die ontwikkeling van die studie- en navorsingsgebiede taalpolitiek en taalbeplanning word aangetoon. Sake wat bespreek word is taal- en taalverwante probleme; taal-ouditering; sosiolinguistiese profilering; die instrumentele en simboliese funksies van tale; taal en identiteitskonstruksie, die behoefte aan taalbeplanning, taalbepalings van die SA Grondwet; taalbeleidsontwikkeling op nasionale, provinsiale en plaaslike regeringsvlakke; die implementering van taalbeleid; die evaluering daarvan; taalbeplanning en kosteberekening. Die module is geanker in die Suid-Afrikaanse taalwerklikheid en aandag word byvoorbeeld ook gegee aan standaardiseringskwessies.

Miniverhandeling: Taal, kultuur en kommunikasie 895 (LCC 895)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	60.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Beide Afr en Eng
Akademiese organisasie	Afrikaans
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

Die miniverhandeling is selfstandige navorsingsverslag waarvan die onderwerp en formaat deur die departementshoof of sy/haar verteenwoordiger goedgekeur is. Die navorsingsproses behels die verpligte bywoning van en deelname aan die departement se proefskrifwerkswinkelprogram.

Eksamen: Taal, kultuur- en kommunikasie 900 (LCC 900)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	20.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Beide Afr en Eng
Akademiese organisasie	Afrikaans
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

Eksamen/Voordrag oor die proefskrif.

Proefskrif: Taal, kultuur en kommunikasie 995 (LCC 995)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	480.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Beide Afr en Eng
Akademiese organisasie	Afrikaans
Aanbiedingstydperk	Jaar

Terminologie 710 (LEX 710)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	20.00
Programme	BAHons Afrikatale BAHons Toegepaste Taalstudie BAHons Vertaling en Professionele Skryfwerk
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	1 lesing per week
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Afrikatale
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Inleiding tot die basiese konsepte van die terminologie; terminologie en verwante dissiplines; drie dimensies van die terminologiese teorie; terminologieskepping: teorie en praktyk; riglyne vir die skep van terme; termekserpsie; funksionele effektiwiteit van terme; standaardisering; terminologie en korpora; samestelling van termlys.

Lexicography 751 (LEX 751)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	20.00
Programme	BAHons Afrikatale BAHons Toegepaste Taalstudie
Kontaktyd	1 lesing per week
Onderrigtaal	Beide Afr en Eng
Akademiese organisasie	Afrikatale
Aanbiedingstydperk	Semester 1 of Semester 2

Module-inhoud

'n Algemene inleding tot die teorie en praktyk van leksikografie. Die samestelling van eentalige en tweetalige papier- en elektroniese woordeboeke. Spesifieke aandage aan die makro- en mikrostrukture van hierdie woordeboeke. Op makrostruktuurvlak word die aandage bepaal by die voor- en agterwerk asook die sentrale teks van woordeboeke. Op mikrostruktuurvlak is die fokus op verskillende datatipes, veral ekwivalensieverhoudinge in tweetalige woordeboeke en betekenisomskrywing in eentalige woordeboeke.

Leksikografie 851 (LEX 851)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	20.00
Programme	MA Afrikatale (Gedoseer) MA Opsie: Vertaling en Tolking (Gedoseer)
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	1 lesing per week
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Afrikatale
Aanbiedingstydperk	Semester 1 of Semester 2

Module-inhoud

Inleiding tot die basiese konsepte van die leksikografie; tipologie van die woordeboek; struktuur van die leksikon; preskriptiewe vs deskriptiewe woordeboeke; behoeftebepaling; problematiese aspekte van lemmatisering; bou van korpusse; kruisverwysing as leksikografiese hulpmiddel; inleiding tot die vak leksikografie.

MTT in leksikografie en NTV 852 (LEX 852)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	20.00
Programme	MA Afrikatale (Gedoseer)
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	1 lesing per week
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Afrikatale
Aanbiedingstydperk	Semester 1 of Semester 2

Module-inhoud

Inleiding tot die kernaspekte van menslike taaltegnologie in die leksikografie en natuurlike taalverwerking met fokus op die samestelling en manipulering van korpusse, bou en validering van spelkontroleerders en die gebruik, samestelling en gebruiksmonitering van papier-, elektroniese en internetwoordeboeke.

Verhandeling: Linguistiek 890 (LIN 890)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	240.00
Programme	MA Linguistiek
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Afrikaans
Aanbiedingstydperk	Jaar

Eksamen: Linguistiek 900 (LIN 900)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	20.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Afrikaans
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

Eksamen/Voordrag oor die proefskrif.

Proefskrif: Linguistiek 990 (LIN 990)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	480.00
Programme	DPhil Linguistiek
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Afrikaans
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

Die student moet in navorsingsverslag van ongeveer 100 000 woorde (200 bladsye) bewys lewer van sy/haar vermoë om selfstandig oorspronklike wetenskaplike ondersoek te beplan en uit te voer oor goedgekeurde tema uit die linguistiek.

Language and study skills 110 (LST 110)

Kwalifikasie	Voorgraads

Modulekrediete	6.00
Programme	BSc Aktuariële en Finansiële Wiskunde BSc Biochemie BSc Biologiese Wetenskappe BSc Biotegnologie BSc Chemie BSc Dierkunde BSc Ekologie BSc Entomologie BSc Fisika BSc Genetika BSc Geografie BSc Geoinformatika BSc Geologie BSc Mediese Wetenskappe BSc Mensfisiologie BSc Mensfisiologie, Genetika en Sielkunde BSc Mensgenetika BSc Meteorologie BSc Mikrobiologie BSc Omgewings- en Ingenieursgeologie BSc Omgewingswetenskappe BSc Plantkunde BSc Toegepaste Wiskunde BSc Voedselbestuur (4 jaar) BSc Voedselwetenskap BSc Wiskunde BSc Wiskundige Statistiek BSc. Voeding BScAgric Landbou-ekonomie: Agribesigheidsbestuur BScAgric Opsie: Toegepaste Plant- en Grondwetenskappe BScAgric Plantpatologie BScAgric Veekunde BScAgric Veekunde: Weidingkunde BScAgric Voedselwetenskap en -tegnologie BVerbruikerswetenskap Gasvryheidsbestuur BVerbruikerswetenskap Kleding: Kleinhandelbestuur BVerbruikerswetenskap Voedsel: Kleinhandelbestuur BVeterinary Science Veeartsenykunde
Diensmodules	Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe Fakulteit Veeartsenykunde
Voorvereistes	No prerequisites.
Kontaktyd	2 lesing per week
Onderrigtaal	Engels
Akademiese organisasie	Eenheid vir Akademiese Gelett
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

The module aims to equip students with the ability to cope with the reading and writing demands of scientific disciplines.

Akademiese geletterdheid: Capita selecta (1) 711 (LTS 711)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	20.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	1 lesing per week
Onderrigtaal	Engels
Akademiese organisasie	Afrikaans
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Karakterisering van akademiese geletterdheid en die belang daarvan in Suid-Afrikaanse konteks; veranderlikes wat die graad van akademiese geletterdheid bepaal; intertale; onderwysbeleid, akademiese geletterdheidsvlakke en identifisering daarvan; simptome van onvoldoende akademiese geletterdheid; remediëring: oorwegings wat rol kan speel.

Akademiese geletterdheid: Capita selecta (2) 712 (LTS 712)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	20.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	1 lesing per week
Onderrigtaal	Engels
Akademiese organisasie	Afrikaans
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Twee sentrale aspekte van akademiese geletterdheidstudies: meting en remediëring. Bespreking van studies waarvolgens akademiese geletterdheid bepaal word. Onderdele van meetinstrurnente. Veralgemenings wat moontlik uit kennis van onderdele gemaak kan word. Standaardisering. Meetprosedures. Eienskappe van goeie meetinstrument. Evaluering van bestaande meetinstrumente. Verwerking van data. Praktiese werk: bepaal van akademiese geletterdheid by bepaalde groep leerders.

Akademiese geletterdheid: Capita selecta (3) 811 (LTS 811)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	20.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.

Kontaktyd	1 lesing per week
Onderrigtaal	Engels
Akademiese organisasie	Afrikaans
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Bespreking van studies oor remediëring. Oorsake van akademiese geletterdheidsprobleme. Kurrikuleringsbeginsels. Evaluering van verskillende remediëringsprogramme. Oogmerke vir suksesvolle remediëring. Akademiese geletterdheidskursusse vir bepaalde teikengroepe. Die voorspellingswaarde van akademiese geletterdheid. Die hanteer van data. Praktiese werk: die opstel van akademiese geletterdheidsprogram vir bepaalde teikengroep.

Algemene musiekleer 101 (MAM 101)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	10.00
Programme	BA Musiek Musiek
Voorvereistes	Toelating tot relevante program
Onderrigtaal	Beide Afr en Eng
Akademiese organisasie	Musiek
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

Leer van melodiese en harmoniese begrippe, diatoniese drieklanke, kadense, tussendominante. Ontwikkeling van gehoorvaardighede.

Algemene musiekleer (1) 110 (MAM 110)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	6.00
Programme	BMus Musiek
Voorvereistes	Toelating tot relevante program
Kontaktyd	2 lesing per week
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Musiek
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

*Geslote - vereis departementele keuring
Navorsingsvaardighede.

Algemene musiekleer (2) 120 (MAM 120)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	6.00
Programme	BMus Musiek
Voorvereistes	Toelating tot relevante program
Kontaktyd	1 lesing per week
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Musiek
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

*Geslote – vereis departementele keuring
Afrikamusiek.

Algemene musiekleer 201 (MAM 201)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	15.00
Programme	BA Musiek Musiek
Voorvereistes	Toelating tot relevante program
Onderrigtaal	Beide Afr en Eng
Akademiese organisasie	Musiek
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

*Geslote – vereis departementele keuring
*Deur evaluering van voorkennis kan leerders vrygestel en krediete toegeken word.
Praktiese toepassing van die vaardighede wat ontwikkeling is in musieklees-, skryf- en analitiese vaardighede deur gebruik te maak van ‘n verskeidendheid musiekmateriale in ooreenstemming met algemeen aanvaarbare teoriereëls ter voorbereiding vir vierstemmige harmonie.

Algemene musiekleer 301 (MAM 301)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	15.00
Programme	BA Musiek Musiek
Voorvereistes	Toelating tot relevante program
Onderrigtaal	Beide Afr en Eng

Akademiese organisasie	Musiek
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

*Geslote – vereis departementele keuring
Pas lees, skryf en speel van gestruktureerde melodië, basiese vierstemmige harmonie en ander onderliggende vaardighede insluitend tweestemmige kontrapuntale tegnieke prakties (op klawerbord) en teoreties toe.

Sportsielkunde (1) 151 (MBK 151)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	6.00
Diensmodules	Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	4 lesing per week
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Sport- en Vryetydstudies
Aanbiedingstydperk	Kwartaal 2

Module-inhoud

*Geslote – vereis departementele keuring ‘n Algemeen vormende module wat ten doel het om die student in die Sportsielkunde as wetenskap te oriënteer. Dit gaan primêr oor die bestudering van sielkundige beginsels en menslike gedrag binne ‘n oefen- en sportomgewing en sluit in die beginsels van sport en oefengedrag, die sielkunde van afrigting, prestasiebevordering en oefensielkunde.

Rekreasie- en sportbestuur (1) 152 (MBK 152)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	6.00
Diensmodules	Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Sport- en Vryetydstudies
Aanbiedingstydperk	Kwartaal 1

Module-inhoud

*Geslote – vereis departementele keuring Hierdie module bied ‘n inleidende oriëntering oor die belangrikheid en plek van wetenskaplike rekreasiebestuur en sportbestuur. Bestuursfunksies, -rolle, -metodes en -tegnieke van die rekreasie- en sportbestuurder word bestudeer. Die bestuursfunksies van beplanning en organisering word in detail op die rekreasie- en sportindustrie toegepas.

Sportfilosofie 153 (MBK 153)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	6.00
Diensmodules	Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Sport- en Vryetydstudies
Aanbiedingstydperk	Kwartaal 3

Module-inhoud

*Geslote – vereis departementele keuring Sportfilosofie behels ‘n ondersoek na die teoretiese verwysingsraamwerk (aard en wese) van die verskynsel asook ‘n praktiese toepassing daarvan in sport: die Olimpiese Spele word as voorbeeld gebruik.

Biokinetika (1) 154 (MBK 154)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	6.00
Voorvereistes	Toelating tot relevante program
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Sport- en Vryetydstudies
Aanbiedingstydperk	Kwartaal 4

Module-inhoud

*Geslote – vereis departementele keuring
‘n Inleidende module wat ten doel het om die student in die Biokinetika as beroep te oriënteer. Dit gaan primêr oor die noodsaaklikheid van evaluering, hoe toetse wat geldig en betroubaar is, geselekteer moet word, watter fisiologiese toetse by elke fisiologiese parameter gebruik kan word en hoe die data deur statistiese metodes verwerk moet word.

Sportsielkunde (2) 251 (MBK 251)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	8.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	4 lesing per week
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Sport- en Vryetydstudies
Aanbiedingstydperk	Kwartaal 2

Module-inhoud

*Geslote – vereis departementele keuring Hierdie module fokus primêr op die toepassing van praktykgerigte sportsielkunde. Daar word veral gefokus op prestasiebevorderingbeginsels en -tegnieke. Die student word blootgestel aan eenvoudige sportsielkundige vraelyste wat motivering, aktivering en sielkundige tegnieke bepaal. Die sielkunde van beserings en uitbranding word ook behandel.

Sportdidaktiek 253 (MBK 253)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	8.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Sport- en Vryetydstudies
Aanbiedingstydperk	Kwartaal 1

Module-inhoud

*Geslote – vereis departementele keuring Die sportdidaktiese module beoog om die student se kennis en insig in die onderrig, afrigting of instruksie van sport, liggaamlike opvoeding en biokinetika te bevorder. Die student leer hoe om ‘n situasie te analiseer, doelwitte te formuleer, inhoude te selekteer, oefenprogramme saam te stel, lesse te beplan, onderrig en/of oefensessies aan te bied en te assesseer en terugvoering te kan gee.

Biokinetika (2) 254 (MBK 254)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	8.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Sport- en Vryetydstudies
Aanbiedingstydperk	Kwartaal 3

Module-inhoud

*Geslote – vereis departementele keuring Hierdie module het ten doel om die biokinetikus verder toe te rus vir die beroep Biokinetika en fokus primêr op praktykgerigte gesondheidsorg. Dit gaan eerstens primêr oor koolhidrate en vette as energiebron, die gesondheidsimplikasies van obesiteit en oefening as modaliteit om hierdie gesondheidsprobleem aan te spreek. Tweedens word gefokus op die groei en ontwikkeling van die baba tot volwassene en hoe dit beïnvloed kan word deur fisieke aktiwiteite.

Rekreasie- en sportbestuur (2) 255 (MBK 255)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	8.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Dubbelmedium

Akademiese organisasie	Sport- en Vryetydstudies
Aanbiedingstydperk	Kwartaal 2

Module-inhoud

*Geslote – vereis departementele keuring Toepassing van die bestuurstake (leiding en kontrole) in die rekreasie- en sportindustrie.

Sosiologie van rekreasie en sport 351 (MBK 351)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	10.00
Voorvereistes	Toelating tot relevante program
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Sport- en Vryetydstudies
Aanbiedingstydperk	Kwartaal 4

Module-inhoud

*Geslote – vereis departementele keuring
Die meeste mense in kontemporêre gemeenskappe is op die een of ander wyse by sport en rekreasie betrokke. As sodanig het dit ‘n instellng van die sosiale lewe geword wat kultuur, norme, waardes en standaarde beïnvloed en ook daardeur beïnvloed word. Gedragsvorme van betrokkenes by sport en rekreasie word bestudeer wat aspekte soos status, verhoudings en ekonomiese betekenis insluit. ‘n Skadukant is ook ontbloot wat ongelykhede, diskriminasie, skandale en selfs geweld insluit. Die studie van menslike gedrag teen dié agtergrond beoog om konsepte te weerlê, beleid en programme aan te pas en die studieveld te verbreed.

Motoriese leer 352 (MBK 352)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	10.00
Voorvereistes	Toelating tot relevante program
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Sport- en Vryetydstudies
Aanbiedingstydperk	Kwartaal 1

Module-inhoud

*Geslote – vereis departementele keuring
Die fokus van die studieveld is op vaardigheidsontwikkeling met die klem op die leerproses en die kognitiewe en motoriese prosesse wat die vaardigheidsontwikkeling onderlê. Die faktore wat vaardigheidsontwikkeling beïnvloed, word bestudeer, asook die beheer van vaardige motoriese prestasie. Studente wat hulle voorberei vir ‘n beroep in die Liggaamlike Opvoeding, of as sportafrigters, dansinstrukteurs, fisioterapeute en arbeidsterapeute sal die nodige basis ontvang om effektiewe instruksiestrategieë te ontwikkel. Instrukteurs in die militêre en industriële opleidingsituasies sal ook baat vind by die studieveld.

Oefenkunde 353 (MBK 353)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	10.00
Voorvereistes	Toelating tot relevante program
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Sport- en Vryetydstudies
Aanbiedingstydperk	Kwartaal 3

Module-inhoud

*Geslote – vereis departementele keuring
Hierdie module fokus primêr op die toepassing van oefenkundige beginsels in die oefenindustrie. Die student word blootgestel aan die nuutste internasionale tendense ten opsigte van totale welstandprogramme, ontwerp en evaluering van inoefeningsprogramme deur gebruik te maak van die nuutste nagevorsde inoefeningsbeginsels, tesame met aanbevelings ten opsigte van isokinetiese inoefening en toetsing, vrouens en oefening en ander toepaslike oefenkundige temas.

Biokinetika (3) 354 (MBK 354)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	10.00
Voorvereistes	Toelating tot relevante program
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Sport- en Vryetydstudies
Aanbiedingstydperk	Kwartaal 2

Kontaktyd	2 lesing per week
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Fisiologie
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

*Vereis FSG 110 en FSG 120
In die module word neurofisiologie ondersoek. Afdelings wat hieronder ingesluit word is neuronale fisiologie, die sentrale senuweestelsel, die perifere senuweestelsel wat die afferente en efferente gedeeltes insluit.

Navorsingsmetodologie vir sport en rekreasie 701 (NME 701)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	27.00
Programme	BAHons Opsie: Sport en Vryetyd in die Samelewing BAHons Opsie: Sport- en Rekreasiebestuur BCom Hons Rekreasie- en Sportbestuur
Diensmodules	Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	1 lesing per week
Onderrigtaal	Beide Afr en Eng
Akademiese organisasie	Sport- en Vryetydstudies
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

Die module gebruik Thomas, JR, Nelson, JK, en Silverman, SJ, 2010, se boek, Research Methods in Physical Activity, as basis vir navorsing in sport en rekreasie. Die module se onderafdelings is kwalitatiewe navorsing; kwantitatiewe navorsing; statistiek. Deur middel van 'n navorsingsvoorstel, skripsie en teoretiese eksamen en 'n navorsingsprojek-voordrag, kry studente die geleentheid om hulself in die vak te bewys.

Navorsingsverslag 709 (NME 709)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	27.00
Programme	BAMBKHons Biokinetika BAMBKHons Sportwetenskap
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	1 lesing per week
Onderrigtaal	Beide Afr en Eng
Akademiese organisasie	Sport- en Vryetydstudies
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

In hierdie module is die fokus op fundamentele kwantitatiewe of eksperimentele navorsingsmetodologie en statistiek. Die student sal die geleentheid kry om 'n begrip van die module te demonstreer deur middel van 'n teoretiese eksamen, 'n navorsingsvoorstel, uitvoering van die navorsingsvoorstel, 'n navorsingsverslag oor die studie wat afgehandel is en 'n navorsingsprojekvoordrag wat 'n inleiding, literatuuroorsig, metodologie, resultate en bespreking, gevolgtrekkings en aanbevelings insluit.

Navorsingsmetodologie (1) 801 (NSK 801)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	24.00
Programme	MA Navorsingsielkunde
Voorvereistes	DS (Navorsingsielkunde)
Kontaktyd	1 besprekingsklas per week, 1 praktiese sessie per week, 1 webgebaseerde periode per week, 1 lesing per week
Onderrigtaal	Beide Afr en Eng
Akademiese organisasie	Sielkunde
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

*NSK-modules is deel van die gedoseerde MA-programme en is verpligtend vir alle studente wat vir hierdie gespesialiseerde programme gekeur en toegelaat is. Hierdie modules is geslote en kan nie deur ander studente geneem word nie. Temas wat handel oor die filosofie van die wetenskap, navorsingsontwerp en geldigheid van navorsing, toetsontwikkeling, etiek en toepaslike statistiese metodes word in hierdie module bestudeer.

Navorsingsmetodologie (2) 802 (NSK 802)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	24.00
Programme	MA Navorsingsielkunde
Voorvereistes	DS (Navorsingsielkunde)
Kontaktyd	1 lesing per week, 1 webgebaseerde periode per week
Onderrigtaal	Beide Afr en Eng
Akademiese organisasie	Sielkunde
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

*NSK-modules is deel van die gedoseerde MA-programme en is verpligtend vir alle studente wat vir hierdie gespesialiseerde programme gekeur en toegelaat is. Hierdie modules is geslote en kan nie deur ander studente geneem word nie. Aantal vraagstukke wat met kwalitatiewe navorsing verband hou, word bestudeer. Aan die einde van hierdie module behoort studente in staat te wees om die kwalitatiewe paradigma krities vanuit teoretiese en praktiese perspektief te kan benader.

Sosiale sielkunde 804 (NSK 804)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	24.00
Programme	MA Navorsingsielkunde
Voorvereistes	DS (Navorsingsielkunde)
Kontaktyd	1 webgebaseerde periode per week, 1 lesing per week, 1 besprekingsklas per week
Onderrigtaal	Beide Afr en Eng
Akademiese organisasie	Sielkunde
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

*NSK-modules is deel van die gedoseerde MA-programme en is verpligtend vir alle studente wat vir hierdie gespesialiseerde programme gekeur en toegelaat is. Hierdie modules is geslote en kan nie deur ander studente geneem word nie. Hierdie module behels temas wat krities vanuit die teoretiese perspektiewe van sosiale sielkunde bestudeer word, soos onder andere sisteemteorie en sosiaal-kognitiewe sielkunde.

Capita selecta 805 (NSK 805)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	24.00
Programme	MA Navorsingsielkunde
Voorvereistes	DS (Navorsingsielkunde)
Kontaktyd	1 besprekingsklas per week, 1 lesing per week
Onderrigtaal	Beide Afr en Eng
Akademiese organisasie	Sielkunde
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

*NSK-modules is deel van die gedoseerde MA-programme en is verpligtend vir alle studente wat vir hierdie gespesialiseerde programme gekeur en toegelaat is. Hierdie modules is geslote en kan nie deur ander studente geneem word nie. Die module behels verskeie temas soos onder andere medianavorsing, marknavorsing, gemeenskapsielkunde en kruiskulturele sielkunde.

Kognitiewe sielkunde 806 (NSK 806)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	24.00
Programme	MA Navorsingsielkunde
Voorvereistes	DS (Navorsingsielkunde)
Kontaktyd	1 lesing per week, 1 seminaar per week
Onderrigtaal	Beide Afr en Eng
Akademiese organisasie	Sielkunde
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

*NSK-modules is deel van die gedoseerde MA-programme en is verpligtend vir alle studente wat vir hierdie gespesialiseerde programme gekeur en toegelaat is. Hierdie modules is geslote en kan nie deur ander studente geneem word nie. Die module behels verskeie temas in kognitiewe sielkunde (soos geheue en persepsie), praktiese toepassings van kognitiewe sielkunde en neurosielkunde.

Miniverhandeling: Navorsingsielkunde 895 (NSK 895)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	120.00
Programme	MA Navorsingsielkunde
Voorvereistes	Geen voorvereistes.

Onderrigtaal	Beide Afr en Eng
Akademiese organisasie	Sielkunde
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

Navorsingsprojek word voltooi onder leiding van studieleier. Die miniverhandeling moet handel oor onderwerp met sielkundige perspektief. Daar word van die student verwag om die navorsing te konseptualiseer, beplan, uit te voer en te dokumenteer.

Ondernemingbestuur 114 (OBS 114)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	10.00
Programme	BAdmin Openbare Bestuur BCom Agribesigheidsbestuur BCom Beleggingsbestuur BCom Bemarkingsbestuur BCom Ekon en Bestuurswetenskappe BCom Ekonometrie BCom Ekonomie BCom Entrepreneurskap BCom Finansiële Wetenskappe BCom Informatika: Inligtingstelsels BCom Kommunikasiebestuur BCom Menslikehulpbronbestuur BCom Ondernemingsbestuur BCom Opsie: Voorsieningskettingbestuur BCom Regte BCom Rekeningkundige Wetenskappe BCom Rekreasie- en Sportbestuur BCom Statistiek BEd Seniorfase en Verdere Onderwys en Opleiding-onderwys BHCSc Erfenis- en Kultuurtoerisme BIS Inligtingkunde BIT Inligtingtegnologie BMaatskaplike Werk Maatskaplike Werk BSc (Rekenaarwetenskap) Rekenaarwetenskap BSc Geoinformatika BSc Inligtingtegnologie Inligting- en Kennisstelsels BSocSci Bedryfsosiologie en Arbeidstudies BVerbruikerswetenskap Gasvryheidsbestuur BVerbruikerswetenskap Kleding: Kleinhandelbestuur BVerbruikerswetenskap Voedsel: Kleinhandelbestuur
Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie Fakulteit Opvoedkunde Fakulteit Geesteswetenskappe Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe

Voorvereistes	Mag nie in dieselfde kurrikulum ingesluit word as OBS 155 nie
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Beide Afr en Eng
Akademiese organisasie	Ondernemingsbestuur
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Inleiding tot ondernemingsbestuur as vakwetenskap; die omgewing waarin die onderneming funksioneer; die saketerrein, missie en doelstelling van die sakeonderneming; bestuur en entrepreneurskap. Die keuse van ‘n ondernemingsvorm; die keuse van produkte en dienste; winsbeplanning en kostebeplanning by verskillende bedryfsgroottes; vestigingsfaktore; aard van produksieprosesse en die uitleg van die bedryf.
Inleiding tot en oorsig van algemene bestuur, veral betreffende die vyf bestuurstake: strategiese bestuur; hedendaagse tendense en bestuursvraagstukke; finansiële bestuur; bemarking en eksterne betrekkinge.
Inleiding tot en oorsig van die waardekettingmodel; bestuur van die insette; die bestuur van die aankoopfunksie; bestuur van die transformasieproses met spesifieke verwysing na produksie- en operasionele bestuur; menslikehulpbronbestuur en inligtingsbestuur; korporatiewe bestuur en swart ekonomiese bemagtiging (SEB).

Ondernemingsbestuur 124 (OBS 124)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	10.00

Programme	BAdmin Openbare Bestuur BCom Agribesigheidsbestuur BCom Bemarkingsbestuur BCom Ekon en Bestuurswetenskappe BCom Ekonomie BCom Entrepreneurskap BCom Finansiële Wetenskappe BCom Informatika: Inligtingstelsels BCom Kommunikasiebestuur BCom Menslikehulpbronbestuur BCom Ondernemingsbestuur BCom Opsie: Voorsieningskettingbestuur BCom Regte BCom Rekreasie- en Sportbestuur BCom Statistiek BEd Seniorfase en Verdere Onderwys en Opleiding-onderwys BHCSc Erfenis- en Kultuurtoerisme BIS Inligtingkunde BMaatskaplike Werk Maatskaplike Werk BSc (Rekenaarwetenskap) Rekenaarwetenskap BSc Geoinformatika BSc Inligtingtegnologie Inligting- en Kennisstelsels BSocSci Bedryfsosiologie en Arbeidstudies BVerbruikerswetenskap Gasvryheidsbestuur BVerbruikerswetenskap Kleding: Kleinhandelbestuur BVerbruikerswetenskap Voedsel: Kleinhandelbestuur
Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie Fakulteit Opvoedkunde Fakulteit Geesteswetenskappe Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe
Voorvereistes	Toelating tot die eksamen in OBS 114
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Beide Afr en Eng
Akademiese organisasie	Ondernemingsbestuur
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Verantwoordelike leierskap en die rol van 'n besigheid in die samelewing. Die aard en ontwikkeling van entrepreneurskap; die individuele entrepreneur en karaktereienskappe van Suid-Afrikaanse entrepreneurs. Beskou die venster van geleentheid. Die begin van die onderneming (“start up”). Ondersoek die verskillende weë/roetes na entrepreneurskap. Toetrede tot familie-ondernemings; die aanskaf van ‘n konsessie (“franchise”); tuisgebaseerde onderneming en die besigheidsoorname. Hierdie semester dek ook hoe entrepreneurs netwerking kan bewerkstellig en ondersteuning vind in hulle omgewing. Gevallestudies van suksesvolle entrepreneurs - ook Suid- Afrikaanse entrepreneurs - word bestudeer.

Oudiologie 110 (ODL 110)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	5.00
Programme	BA Oudiologie
Voorvereistes	Toelating tot relevante program
Kontaktyd	2 lesing per week
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Spraak-Taalpatologie en Oudiol
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

*Geslote – vereis departementele keuring
Inleiding tot teorie van Oudiologiese evaluering: Die basiese oudiometriese toetsbattery: eerste onderhoud en gevalsgeskiedenis; die otoskopiese ondersoek; stemvurktoetse; suiwertoonoudiometrie (luggeleidingstoetsing, beengeleidingstoetsing, maskering en die oudiometriese Weber); spraak-oudiometriese toetsing (drempel- en bo-drempeltoetse); immittansietoetsing (sifting) en ‘n oorsig van oudiometriese toetsprosedures.

Oudiologie 120 (ODL 120)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	7.00
Programme	BA Oudiologie
Voorvereistes	Toelating tot relevante program
Kontaktyd	2 lesing per week
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Spraak-Taalpatologie en Oudiol
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

*Geslote – vereis departementele keuring
Inleiding tot ouditiewe rehabilitasie en versterking: Die belang van die vroeë identifikasie van gehoorverlies; kenmerke van die persoon met gehoorverlies; kommunikasieprobleme veroorsaak deur verskillende tipes en grade van gehoorverlies; die keuse van ´n basiese kommunikasiebenadering vir die jong kind met gehoorverlies; die basiese elemente van ‘n rehabilitasieprogram vir ‘n persoon met ‘n gehoorverlies (spraaklees, ouditiewe opleiding, kommunikasiestrategieë); en die rol van professionele persone in die gesondheidsorg in hierdie proses. Inleiding tot klank-akoestiek; die ontwikkeling van gehoorapparate; oorsig van nie-indringende versterking; basiese komponente en elektro-akoestiese eienskappe van gehoorapparate; kontroles en funksies van verskillende gehoorapparate; basiese inligting rondom beskikbare gevorderde gehoorapparate; tegniese en elektro-akoestiese eienskappe van gehoorapparate; tegniese standaarde en versterkingeienskappe; identifikasie en hantering van distorsie en terugvoer in instrumente; oorsig oor oorstukke en die modifikasie daarvan.

Oudiologie: Praktikum 181 (ODL 181)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	5.00
Programme	BA Oudiologie
Voorvereistes	Toelating tot relevante program
Kontaktyd	1 seminaar per week, 1 praktiese sessies per week
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Spraak-Taalpatologie en Oudiol
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

*Geslote – vereis departementele keuring
Praktiese toepassing van die basiese oudiometriese toetsbattery: die eerste onderhoud en gevalsgeskiedenis; die otoskopiese ondersoek; stemvurktoetse; suiwertoon-oudiometrie (luggeleidingstoetse, beengeleidingstoetse, maskering en die oudiometriese Weber); spraak-oudiometriese toetse (drempel- en bo-drempeltoetse); immittansietoetsing (sifting) en verslagskrywing. Praktiese toepassing van oudiologiese rehabilitasie; basiese komponente en elektroakoestiese eienskappe van gehoorapparate; kontroles en funksies van verskillende style en tipes gehoorapparate; tegniese standaarde en versterkingseienskappe; foutbepaling van stukkende gehoorapparate; oorsig van oorstukke en die modifikasie daarvan.

Oudiologie 210 (ODL 210)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	10.00
Programme	BA Oudiologie
Voorvereistes	ODL 110,120,181
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Spraak-Taalpatologie en Oudiol
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

*Geslote – vereis departementele keuring Anatomie, fisiologie en patologie van die ouditiewe sisteem as basis vir ouditiewe diagnose. Akoestiese metings, kalibrasie, standaarde en tegniese aspekte van oudiologie. Gevorderde toepassings van die oudiometriese toetsbattery, insluitende psigo-akoestiese toetse vir plek-van-letsel-toetsing en evaluasie van funksionele gehoorverlies. Voorkomende Oudiologie: die ouditiewe en nie-ouditiewe effek van geraas; gehoorkonserveringsprogramme; klankpeilmetings en geraasbeheer; gehoorevaluering binne die industrie; gehoorbeskerming en gehoorbeskermers.

Oudiologie 220 (ODL 220)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	10.00
Programme	BA Oudiologie
Voorvereistes	ODL 110,120,181
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Spraak-Taalpatologie en Oudiol
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

*Geslote – vereis departementele keuring Klankversterkingsisteme; die stadia van gehoorapparaatpassing; kommunikasiehulpmiddels en tegnologie; gevorderde gehoorapparaatpassing; gehoorapparaatpassingstrategieë? vir volwassenes; inplanteerbare versterkingsisteme. Ouditiewe rehabilitasie en versterking. Die evaluering en intervensie van ’n persoon met ’n gehoorverlies. Versterkingsisteme en gehoorapparaatpassingstrategieë vir volwassenes met gehoorverlies. Die kommunikasie-evaluasie en rehabilitasie van die geriatriese persoon en volwassene met ’n verworwe gehoorverlies. Die komponente van ’n ourale rehabilitasieprogram.

Oudiologie: Praktikum 281 (ODL 281)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	5.00
Programme	BA Oudiologie
Voorvereistes	ODL 110,120,181
Kontaktyd	40 praktiese sessies, 28 seminare
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Spraak-Taalpatologie en Oudiol
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

*Geslote – vereis departementele keuring Praktiese toepassing: diagnostiese oudiologiese prosedures van die volwassene met ’n kongenitale en verworwe gehoorverlies; diagnostiese immittansie-toetsprosedures; praktiese toepassing van psigo-akoestiese toetse. Die uitvoering van siftingsoudiometrie op alle populasies. Praktiese blootstelling aan diagnostiese en gevorderde toepassings van immittansietoetsing; psigo-akoestiese plek-van-letsel-toetsing en toetse vir funksionele gehoorverlies. Observasie van ’n privaat oudiologie-praktyk en gehoorapparaatpassings vir volwassenes. Voorkomende Oudiologie prakties.

Oudiologie 310 (ODL 310)

Kwalifikasie	Voorgraads

Modulekrediete	16.00
Programme	BA Oudiologie
Voorvereistes	ODL 210, 220, 281
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Spraak-Taalpatologie en Oudiol
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

*Geslote – vereis departementele keuring Elektrofisiologiese evaluering van die ouditiewe en vestibulêre sisteme, insluitende Oto-akoestiese emissies, die omvang van Ouditiewe Ontlokte Potensiale (ECochg, OBR, ASSR, MLR, ALLR, P300, VEMP), en toetse vir vestibulêre funksionering en rehabilitasie van vestibulêre afwykings. Ouditiewe prosesseringsafwykings, sifting, oudiologiese assessering en intervensie. Die evaluering en behandeling van tinnitus en hiperakusie.

Pedo-oudiologie: Teorie 320 (ODL 320)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	16.00
Programme	BA Oudiologie
Voorvereistes	ODL 210; 220 en ODL 281
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Spraak-Taalpatologie en Oudiol
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

*Geslote – vereis departementele keuring Pediatriese oudiologie in terme van identifikasie, diagnose en intervensie. Vroeë-identifikasieprogramme in terme van die rasionaal, prosedures, protokolle, kwaliteitstandaarde en norme (benchmarks). Diagnostiese prosedures volgens die ontwikkelingsouderdomme, insluitende toepassing van elektrofisiologiese prosedures vir die evaluering van ouditiewe funksionering, gedragsobservasie-oudiometrie; visuelerespons-oudiometrie, en gekondisioneerde spel-oudiometrie. Beginsels van vroeë intervensie en die rol van die pediatriese oudioloog. Intervensie in terme van berading en die beginsels, stadia en uitdagings verbonde aan pediatriese gehoorapparaatpassing.

Oudiologie: Prakties 381 (ODL 381)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	15.00
Programme	BA Oudiologie

Voorvereistes	ODL 210, 220, 281
Kontaktyd	36 praktiese sessies, 14 seminare, 40 Kliniese oefensessies
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Spraak-Taalpatologie en Oudiol
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

*Geslote – vereis departementele keuring Gehoorapparaatseleksie, -passing, -verifikasie en -aanpassing vir die volwasse populasie. Evaluering en intervensie van die geriatriese kliënt en die kliënt met verworwe gehoorverlies. Evaluering, berading en rehabilitasie van die kliënt met tinnitus en hiperakusie. Tinnitus en hiperakusie.

Oudiologie: Prakties 382 (ODL 382)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	15.00
Programme	BA Oudiologie
Voorvereistes	ODL 210, 220, 281
Kontaktyd	20 Kliniese oefensessies, 14 seminare, 44 praktiese sessies
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Spraak-Taalpatologie en Oudiol
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

*Geslote – vereis departementele keuring Gevorderde oudiologiese evaluering, insluitende elektrofisiologiese metings soos oto-akoestiese emissies en ouditiewe ontlokte potensiale. Vestibulêre evaluering van pasiënte met vertigo/duiseligheid en wanbalans en vestibulêre rehabilitasie. Evaluering van ouditiewe prosesseringsafwykings.

Oudiologie 410 (ODL 410)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	30.00
Programme	BA Oudiologie
Voorvereistes	ODL 310, 320, 381, 382
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Spraak-Taalpatologie en Oudiol
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

*Geslote – vereis departementele keuring Opvoedkundige oudiologie: Definisie, beginsels en opvoedkundige aangeleenthede. Evaluasie en intervensie van die kind met ’n gehoorverlies, met spesifieke verwysing na: vroeë intervensiestrategieë, stratgieë om die kind se ouditiewe vaardighede te ontwikkel, asook ekspressiewe en reseptiewe taalvaardighede; kommunikasiewyses, kollaborasie en konsultasie.

Oudiologie 420 (ODL 420)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	30.00
Programme	BA Oudiologie
Voorvereistes	ODL 310, 320, 381, 382
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Spraak-Taalpatologie en Oudiol
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

*Geslote - vereis departementele keuring. Nuutste ontwikkelings op die gebied van Oudiologie. Wasverwydering en oorkanaalhantering. Die oudioloog binne verskillende beroepsmoontlikhede: privaat praktyk; hospitale, universiteite; skole.

Oudiologie: Praktikum 481 (ODL 481)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	15.00
Programme	BA Oudiologie
Voorvereistes	ODL 310, 320, 381, 382
Kontaktyd	28 seminare, 100 ure kliniese opleidingsessies, 124 ure praktiese sessies
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Spraak-Taalpatologie en Oudiol
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

*Geslote – vereis departementele keuring Opvoedkundige oudiologie: Intervensie met ’n kliënt met gehoorverlies van enige ouderdom; holistiese evaluering en ontwikkeling van ’n geïndividualiseerde intervensieprogram. Intervensie met ’n groep kinders met gehoorverlies binne enige opvoedkundige instansie. Passing, verifikasie en oriëntasie en validasie van gehoorapparate by die pediatriese populasie. Intervensie in terme van opvolg deur kontinue evaluering, berading en ouerleiding. Observasie van kogleêre-inplantingprogrammering en -intervensie.

Oudiologie: Kommunikasiepatologie 482 (ODL 482)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	20.00
Programme	BA Oudiologie
Voorvereistes	ODL 310, 320, 381, 382
Kontaktyd	112 praktiese sessies
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Spraak-Taalpatologie en Oudiol
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

*Geslote – vereis departementele keuring Toepassing van professionele vaardighede binne alle kontekste (primêre, sekondêre en tersiêre gesondheidskontekste. Privaatpraktyk- en besigheidsbestuur.

Patologie van die gehoorsisteem 779 (ODL 779)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	10.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	2 lesing per week
Onderrigtaal	Engels
Akademiese organisasie	Spraak-Taalpatologie en Oudiol
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

Patologie van die ouditiewe sisteem: eksterne, middel- en binne-oor. Simptome van die verskillende patologiese toestande van die ouditiewe sisteem en die gepaardgaande gehoorverlies van elk: konduktief, sensories-neuraal en sentrale ouditiewe prosesseringsafwykings.

Basiese oudiometrie: Teorie (1) 780 (ODL 780)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	10.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	2 ander kontak per week, 4 lesing per week
Onderrigtaal	Engels
Akademiese organisasie	Spraak-Taalpatologie en Oudiol
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

*Telematies Die teoretiese basis van die basiese oudiometriese toetsbattery: die eerste onderhoud en die gevalsgeskiedenis; stemvurktoetse; suiwertoon-oudiometrie (luggeleidingstoetse, beengeleidingstoetse, maskering en die oudiometriese Weber).

Basiese oudiometrie: Teorie (2) 781 (ODL 781)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	10.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	4 lesing per week, 2 ander kontak per week
Onderrigtaal	Engels
Akademiese organisasie	Spraak-Taalpatologie en Oudiol
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

*Telematies Hersiening van die basiese oudiometriese toetse (deel 1); spraak oudiometriese toetse (drempel- en bodrempeltoetse); maskering en spraak-oudiometriese toetse; die immitansie-toetsbattery en tegnieke vir die oordrag van inligting (die skryf van verslae).

Basiese oudiometrie: Prakties (1) 782 (ODL 782)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	10.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	32 praktiese sessies
Onderrigtaal	Engels
Akademiese organisasie	Spraak-Taalpatologie en Oudiol
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

*Telematies Toepassing van die basiese oudiometriese toetsbattery: die neem van die gevalsgeskiedenis en onderhoudvoering; die kalibrasie van die toetsomgewing; otoskopie; die toepassing en interpretasie van stemvurktoetse; suiwertoon-toetsing en maskering.

Basiese oudiometrie: Prakties (2) 783 (ODL 783)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	10.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	32 praktiese sessies

Onderrigtaal	Engels
Akademiese organisasie	Spraak-Taalpatologie en Oudiol
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

*Telematies Die inoefening van vaardighede: Die basiese oudiometriese toetsbattery; spraakoudiometriese toetsbattery; immittansie-toetsbattery en verslagskrywing.

Gehoorapparate: Teorie (1) 784 (ODL 784)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	10.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	4 lesing per week, 2 ander kontak per week
Onderrigtaal	Engels
Akademiese organisasie	Spraak-Taalpatologie en Oudiol
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

*Telematies ‘n Oorsig van die ontwikkeling van gehoorapparate. Verskillende tipes gehoorapparate. Komponente van gehoorapparaat. Die elektro-akoestiese eienskappe van gehoorapparate en die meting van hierdie eienskappe. Die belang van binourale gehoor.

Gehoorapparate: Teorie (2) 785 (ODL 785)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	20.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	4 lesing per week, 2 ander kontak per week
Onderrigtaal	Engels
Akademiese organisasie	Spraak-Taalpatologie en Oudiol
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

*Telematies Kandidaatskap vir gehoorapparate. Die seleksie van toepaslike gehoorapparate. Modifikasies aan die gehoorapparaat en oorstuk. Gehoorapparaatpassing en -programmering vir individuele kliënte. Aanpassingsprogramme vir gehoorapparaatgebruik. Kommunikasiehulpmiddels.

Gehoorapparate: Prakties (1) 786 (ODL 786)

Kwalifikasie	Nagraads

Modulekrediete	10.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	32 praktiese sessies
Onderrigtaal	Engels
Akademiese organisasie	Spraak-Taalpatologie en Oudiol
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

*Telematies Praktikum in die vorm van praktiese seminare en werkswinkels. Die toepassing van gehoorapparaatteorie op werklike en gesimuleerde kliënte. Die seleksie, passing en modifikasies van verskillende tipes gehoorapparaattegnologieë en kommunikasie hulpmiddels. Die interpretasie van gehoorapparaatspesifikasies van verskillende gehoorapparaathandelaars.

Gehoorapparate: Prakties (2) 787 (ODL 787)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	20.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	32 praktiese sessies
Onderrigtaal	Engels
Akademiese organisasie	Spraak-Taalpatologie en Oudiol
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

*Telematies Gevorderde prakties in die hantering van gehoorgestremde kliënte as deel van die Departementele Gehoorapparaatprogram. Onderhoudvoering en die oudiometriese evaluering van gehoorgestremde kliënte. Die maak van oorafdrukke en oorstukke. Die seleksie van toepaslike gehoorapparate vir individuele kliënte, asook die instelling daarvan. Die meting van die elektro-akoestiese eienskappe van gehoorapparate. Werklike oormetings. Gehoorapparaat-aanpassingsprogramme vir kliënte. Samewerking met ander professionele persone.

Professionele gehoorgesondheisorgkundige 788 (ODL 788)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	10.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	2 ander kontak per week, 2 lesing per week
Onderrigtaal	Engels
Akademiese organisasie	Spraak-Taalpatologie en Oudiol

Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

* Telematies Die gesondheidsorgsisteem. Definiëring van die verskillende professies en hulle professsionele funksies: die oudioloog; gehoorapparaat-akoestikus; industriële oudiometris en oor-neus-en-keel-arts. Historiese oorsig van die ontwikkeling van die verskillende professies. 'n Beskrywing van die kliëntebasis van elk. Professionele etiek en standaarde.

Gehoorgestremdheid: Rehabilitasie 789 (ODL 789)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	10.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	2 ander kontak per week, 2 lesing per week
Onderrigtaal	Engels
Akademiese organisasie	Spraak-Taalpatologie en Oudiol
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

*Telematies Definiëring van die gehoorgestremde populasie; kenmerke van die kliënt met gehoorverlies; kommunikasie met die gehoorgestremde persoon; die basiese elemente van rehabilitasieprogram vir die gehoorgestremde kliënt; die uitkies van kommunikasiewyse.

Opvoedkunde 112 (OPV 112)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	12.00
Programme	BA Geesteswetenskappe BA Regte BA Tale Tale BA Verlengde Program BEd Grondslagfase-onderwys BEd Intermediêrefase-onderwys BEd Seniorfase en Verdere Onderwys en Opleiding-onderwys
Diensmodules	Fakulteit Geesteswetenskappe
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Beide Afr en Eng
Akademiese organisasie	Geesteswetenskaplike Opvoedkun
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

In hierdie module word studente gelei om kennis, vaardighede en gesindhede te ontwikkel aangaande die komplekse politieke, professionele, historiese en kulturele aspekte van onderwys. Geselekteerde temas rakende die Suid-Afrikaanse onderwys word bestudeer sodat studente krities kan besin oor hulle rol as betrokke, professionele opvoeders in die hedendaagse onderwys.

Opvoedkunde 122 (OPV 122)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	12.00
Programme	BA Geesteswetenskappe BA Regte BA Tale Tale BA Verlengde Program BEd Grondslagfase-onderwys BEd Intermediêrefase-onderwys BEd Seniorfase en Verdere Onderwys en Opleiding-onderwys
Diensmodules	Fakulteit Geesteswetenskappe
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Beide Afr en Eng
Akademiese organisasie	Opvoedkundige Sielkunde
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Hierdie module fokus op kinder-ontwikkeling en leer. Benewens die onderliggende beginsels van ontwikkeling-sielkunde en ontwikkelingsteorieë, word kinderontwikkeling bespreek in terme van fisieke groei en motoriese ontwikkeling; perseptuele, kognitiewe en taalontwikkeling; emosionele ontwikkeling; sosiale ontwikkeling en morele ontwikkeling. ‘n Inleiding tot patologie in ontwikkeling word ook verskaf. Wat leer betref, fokus die module op die beginsels van leer, leerteorieë en hindernisse tot leer. Hierbenewens word skoolleer bespreek in terme van leer, lees en studievaardighede.

Opvoedkunde 212 (OPV 212)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	20.00
Programme	BA Geesteswetenskappe BA Regte BA Tale Tale BA Verlengde Program BEd Grondslagfase-onderwys BEd Intermediêrefase-onderwys BEd Seniorfase en Verdere Onderwys en Opleiding-onderwys
Diensmodules	Fakulteit Geesteswetenskappe

Voorvereistes	OPV 112 of 122 geslaag met 40% (GS) in die ander module
Kontaktyd	4 lesing per week
Onderrigtaal	Beide Afr en Eng
Akademiese organisasie	Wet, Wisk en Tegnologie-ond
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Kurrikulum in die klaskamer: Hierdie module spreek vier komponente aan wat direk met onderrig en leer in die klaskamer verband hou. Die eerste eenheid handel oor die begronding van die kurrikulum en dek werk gedoen deur Rousseau, Pestalozzi, Montessori, Gandhi, Steiner, Dewey, Piaget, Vygotsky, Illich, Freire en Lakoff. Eenheid twee handel oor kurrikulumontwerp en -ontwikkeling, en fokus ook op die organisering van kennis deur opvoedkundige taksonomieë. Die laaste twee eenhede dek onderrigstrategieë, asook aangeleenthede wat met klaskamertoetsing en -assessering verband hou.

Opvoedkunde 222 (OPV 222)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	20.00
Programme	BA Geesteswetenskappe BA Regte BA Tale Tale BA Verlengde Program BEd Grondslagfase-onderwys BEd Intermediêrefase-onderwys BEd Seniorfase en Verdere Onderwys en Opleiding-onderwys
Diensmodules	Fakulteit Geesteswetenskappe
Voorvereistes	OPV 112 of 122 geslaag met 40% (GS) in die ander module
Kontaktyd	4 lesing per week
Onderrigtaal	Beide Afr en Eng
Akademiese organisasie	Opvoedkundige Sielkunde
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Ondersteunende leeromgewings: Teoretiese benaderings tot leeromgewings (bio-ekologiese en bate-gebaseerde benaderings, inheemse kennisstelsels, oplossingsgeoriënteerde intervensie en “appreciate inquiry”); skoolgebaseerde ondersteuning in terme van Insluitende Onderwys, heel-skoolbenadering, die ondersteunende rol van die onderwyser en die welstand van die kind; gemeenskapsgebaseerde ondersteuning in die vorm van gemeenskapsbetrokkenheid en gemeenskapsonderrig.

Opvoedkunde 312 (OPV 312)

Kwalifikasie	Voorgraads

Modulekrediete	30.00
Programme	BA Geesteswetenskappe BA Regte BA Tale Tale BA Verlengde Program BEd Grondslagfase-onderwys BEd Intermediêrefase-onderwys BEd Seniorfase en Verdere Onderwys en Opleiding-onderwys
Diensmodules	Fakulteit Geesteswetenskappe
Voorvereistes	OPV 112 of 122 geslaag met 40% (GS) in die ander module
Kontaktyd	4 lesing per week
Onderrigtaal	Beide Afr en Eng
Akademiese organisasie	Onderwysbestuur en Beleidstud
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Om insig te verkry van die globale konteks van die klaskamer, leerders en idees wat onderrig word, asook die plaaslike wêreld en land waarin die klaskamer, leerders en skool geleë is. Diversiteit en sosiale geregverdigheid en die belangrikheid daarvan in die plaaslike en internasionale konteks, asook die belangrikheid daarvan vir onderrig en leer word ondersoek. Deur individuele - en groepsopdragte, word studente ingelig om die ooreenstemmende temas van globalisering, die plek van die nasionale staat en die plek daarvan in die streeks- en globale wêreld, en die rol van tegnologie en die media in die globalisering van opvoedkunde, te verstaan. Belangrike sosiale, politieke, historiese en ekonomiese faktore wat die klaskamer beinvloed, word ook ondersoek. Studente versamel, organsieer en evalueer inligting krities, waardeer die waarde van diversiteit in verskeie sosiale kontekste; gebruik probleemoplossingsvaardighede vir leeropdragte, en kommunikeer effektiewe idees in groepsopdragte.

Opvoedkunde 322 (OPV 322)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	30.00
Programme	BA Geesteswetenskappe BA Regte BA Tale Tale BA Verlengde Program BEd Grondslagfase-onderwys BEd Intermediêrefase-onderwys BEd Seniorfase en Verdere Onderwys en Opleiding-onderwys
Diensmodules	Fakulteit Geesteswetenskappe
Voorvereistes	OPV 112 of 122 geslaag met 40% (GS) in die ander module
Kontaktyd	4 lesing per week
Onderrigtaal	Beide Afr en Eng

Akademiese organisasie	Onderwysbestuur en Beleidstud
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Hierdie module handel oor die inhoud en die toepassing van die Handves van Menseregte in die daarstelling van veilige en gedissiplineerde klaskamers. Die tweede tema handel oor klaskamerbestuur deur die stigting van verhoudings, deelnemende besluitneming, effektiewe beplanning en monitering, motivering en kommunikasie.

Opvoedkunde 361 (OPV 361)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	15.00
Diensmodules	Fakulteit Geesteswetenskappe
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Beide Afr en Eng
Akademiese organisasie	Onderwysbestuur en Beleidstud
Aanbiedingstydperk	Kwartaal 1

Module-inhoud

Onderwys, markte en globalisering Die doel is om aan te toon dat onderwys meer is as wat leerders en onderwysers in die klaskamer doen; dit word steeds meer ? marktransaksie binne en oor nasionale grense heen. Idees wat betrekking het op onderwys in hierdie segment sluit in die mobiliteit van professionele arbeid, die vele vaardighede wat van onderwys- en opleidingstelsels verlang word, en die geldigheid van lewenslange leer in sodanige kontekste.

Publieke administrasie 112 (PAD 112)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	10.00
Programme	BAdmin Internasionale Verhoudings BAdmin Openbare Bestuur BAdmin Opsie: Publieke Administrasie BCom Ekon en Bestuurswetenskappe BIS Inligtingkunde BPolSci Politieke Studies
Diensmodules	Fakulteit Geesteswetenskappe
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Engels
Akademiese organisasie	Skool vir Openbare Best en Adm

Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Hierdie module in publieke administrasie is ontwerp om spesifiek studente te ondersteun in die verstaan van die rol van publieke administrasie in die moderne staat, die unieke kenmerke van publieke administrasie, die skole en benaderings in publieke administrasie en inleidende inligting in die onderskeie generiese administratiewe funksies. Die dissipline van publieke administrasie het vinnig ontwikkel en by implikasie, die paradigma verskuif oor die jare. Die doelwit van hierdie module is om publieke administrasie inleidend aan die student bekend te maak as ‘n veld van studie wat ‘n betekenisvolle bydrae tot die effektiewe administrasie en bestuur van owerheidswerksaamhede maak.

Publieke administrasie 122 (PAD 122)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	10.00
Programme	BAdmin Internasionale Verhoudings BAdmin Openbare Bestuur BAdmin Opsie: Publieke Administrasie BCom Ekon en Bestuurswetenskappe BIS Inligtingkunde BPolSci Politieke Studies
Diensmodules	Fakulteit Geesteswetenskappe
Voorvereistes	PAD 112 GS
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Engels
Akademiese organisasie	Skool vir Openbare Best en Adm
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Hierdie module in publieke administrasie bied inleidend die konstitusionele raamwerk met betrekking tot publieke administrasie. Die Suid-Afrikaanse stelsel van regering, die funksies, rol en magte van die uitvoerende gesag, die wetgewende en juridiese gesag sowel as die funksionering van die drieledige sfere van die owerheid. Die module sal die student in staat stel om te verstaan hoe en waar publieke administrasie toegepas word.

Publieke administrasie 212 (PAD 212)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	16.00
Programme	BAdmin Internasionale Verhoudings BAdmin Openbare Bestuur BAdmin Opsie: Publieke Administrasie BCom Ekon en Bestuurswetenskappe BPolSci Politieke Studies
Diensmodules	Fakulteit Geesteswetenskappe

Voorvereistes	PAD 112 of PAD 122 met 'n GS in die ander
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Engels
Akademiese organisasie	Skool vir Openbare Best en Adm
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Hierdie module in die funksies van die publieke administrasie verskaf ‘n in-diepte ontleding van die generiese administratiewe funksies, insluitend beleidbepaling, organisering, finansiering, personeelvoorsiening en -benutting en beheer. Studente sal derhalwe toegerus word met kennis en vaardighede wat verband hou met die owerheid se strategiese beplanning, beleidbepaling en besluitneming, begroting, aankope, menslikehulpbronbestuurfunksies en indiensnemingswetgewing wat ‘n invloed op menslike hulpbronne binne organisasies het.

Publieke administrasie 222 (PAD 222)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	16.00
Programme	BAdmin Internasionale Verhoudings BAdmin Openbare Bestuur BAdmin Opsie: Publieke Administrasie BCom Ekon en Bestuurswetenskappe BPolSci Politieke Studies
Diensmodules	Fakulteit Geesteswetenskappe
Voorvereistes	PAD 212 GS
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Engels
Akademiese organisasie	Skool vir Openbare Best en Adm
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Hierdie module in publieke administrasie is ontwerp om spesifiek studente te ondersteun in die verstaan van die oorsprong en ontwikkeling van etiek in publieke diens en administrasie. Die klem word geplaas op die bou van ‘n verantwoordelike openbare amptenaar wie se dienste en verantwoordelikhede lei tot effektiewe en doeltreffende verantwoordbare openbare organisasies met die doel om nie slegs verbeterde dienste te lewer nie, maar ook persoonlike etiek en organisatoriese kodes en standaarde toe te pas. Die doel met die module is om die student in staat te stel om die teorie in die praktyk van publieke administrasie toe te pas en te sintetiseer ten einde ‘n beter openbare diens in die toekoms te bewerkstellig.

Publieke administrasie 312 (PAD 312)

Kwalifikasie	Voorgraads

Modulekrediete	20.00
Programme	BAdmin Internasionale Verhoudings BAdmin Openbare Bestuur BAdmin Opsie: Publieke Administrasie BCom Ekon en Bestuurswetenskappe BPolSci Politieke Studies
Diensmodules	Fakulteit Geesteswetenskappe
Voorvereistes	PAD 112, PAD 122, PAD 212 of PAD 222 met 'n GS in die ander
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Engels
Akademiese organisasie	Skool vir Openbare Best en Adm
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Hierdie module in publieke administrasie is ontwerp om spesifiek studente te ondersteun in die verstaan van die oorsprong en ontwikkeling van etiek in publieke diens en administrasie. Die klem word geplaas op die bou van ‘n verantwoordelike openbare amptenaar wie se dienste en verantwoordelikhede lei tot effektiewe en doeltreffende verantwoordbare openbare organisasies met die doel om nie slegs verbeterde dienste te lewer nie, maar ook persoonlike etiek en organisatoriese kodes en standaarde toe te pas. Die doel met die module is om die student in staat te stel om die teorie in die praktyk van Publieke administasie toe te pas en te sintetiseer ten einde ‘n beter openbare diens in die toekoms te bewerkstellig.

Publieke administrasie 322 (PAD 322)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	20.00
Programme	BAdmin Internasionale Verhoudings BAdmin Openbare Bestuur BAdmin Opsie: Publieke Administrasie BCom Ekon en Bestuurswetenskappe BPolSci Politieke Studies
Diensmodules	Fakulteit Geesteswetenskappe
Voorvereistes	PAD 312 GS
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Engels
Akademiese organisasie	Skool vir Openbare Best en Adm
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Hierdie module in publieke administrasie is ontwerp om die student se opvatting te verbreed oor die verstaan, ontstaan en ontwikkeling van administratiewe stelsels. Die klem is op die praktiese toepassing van kennis en probleme in ontwikkelende gemeenskappe. Toememende globalisering vereis akademiese belang in vergelykende publieke administrasie. Die beweegrede agter vergelykende Publieke administrasie is die soeke na die ontdekking van gemeenskaplikhede in die administratiewe proses en die menslike gedrag, ongeag van plek en tyd.

Publiekreg 200 (PBL 200)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	20.00
Programme	BA Regte
Diensmodules	Fakulteit Geesteswetenskappe
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	2 lesing per week
Onderrigtaal	Beide Afr en Eng
Akademiese organisasie	Publiekreg
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

*Vir LLB, BA met spesialisering in regte; BAdmin en BCom regte (a) Inleiding tot staatsregteorieê (b) Basiese beginsels: die reg, die staat en die individu (c) Historiese ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse staatsreg (d) Verskillende elemente van 'n staat (e) Bronne van die Suid-Afrikaanse staatsreg (f) Die grondliggende bepalings, die regsorde en die simbole van die Suid-Afrikaanse staat (g) Samewerkende regering (h) Die nasionale wetgewende gesag (i) Die president en die nasionale uitvoerende gesag (j) Provinsiale regering (k) Die regsprekende gesag (l) Die Suid-Afrikaanse Handves van Regte: Geskiedenis van menseregte in Suid-Afrika, regsfilosofiese en politieke perspektiewe op menseregte, toepassing, beregbaarheid en uitleg van menseregte, jurisdiksie, prosedures en remedies, beperking van menseregte, ontleding van geselekteerde menseregte (m) Staatsinstellings ter ondersteuning van grondwetlike demokrasie (n) Die openbare administrasie (o) Die Suid-Afrikaanse veiligheidsdienste (p) Algemene bepalings

Sportpraktikum (Basies) 151 (PRC 151)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	16.00
Programme	Hoër Sertifikaat (Sportwet) Opsie: Opvoedkunde Hoër Sertifikaat (Sportwet) Opsie: Sportafrigting
Voorvereistes	Toelating tot relevante program
Kontaktyd	5 praktiese sessies per week
Onderrigtaal	Dubbelmedium

Akademiese organisasie	Sport- en Vryetydstudies
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

*Geslote – vereis departementele keuring
Sportspesifieke vaardighede, spansituasies, reëls en regulasies, skeidsregters, spel-analise, afrigting.

Sportpraktikum (Gevorderd) 251 (PRC 251)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	20.00
Voorvereistes	PRC 151
Kontaktyd	5 praktiese sessies per week
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Sport- en Vryetydstudies
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

*Geslote – vereis departementele keuring Sportspesifieke vaardighede, spansituasies, reëls en regulasies, skeidsregters, spel-analise, afrigting.

Laboratoriumevaluasie 351 (PRC 351)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	20.00
Voorvereistes	PRC 251
Kontaktyd	5 praktiese sessies per week
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Sport- en Vryetydstudies
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

*Geslote – vereis departementele keuring
Pasiëntspesifieke evaluasie en programvoorskrif.

Laboratorium evaluasie 352 (PRC 352)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	20.00
Voorvereistes	PRC 251

Kontaktyd	5 praktiese sessies per week
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Sport- en Vryetydstudies
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

*Geslote - vereis departementele keuring.

Sport spesifieke evaluasie en programvoorskrifte.

Menslike bewegingskunde: Praktikum 100 (PRK 100)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	15.00
Voorvereistes	Toelating tot relevante program
Kontaktyd	5 praktiese sessies per week
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Sport- en Vryetydstudies
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

*Geslote – vereis departementele keuring
Sport- en oefenindustrieverwante praktiese werk.

Menslike bewegingskunde: Praktikum 200 (PRK 200)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	15.00
Voorvereistes	PRK 100
Kontaktyd	5 praktiese sessies per week
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Sport- en Vryetydstudies
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

*Geslote – vereis departementele keuring Sport- en oefenindustrieverwante praktiese werk.

Menslike bewegingskunde: Praktikum 300 (PRK 300)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	15.00

Voorvereistes	PRK 200
Kontaktyd	5 praktiese sessies per week
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Sport- en Vryetydstudies
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

*Geslote – vereis departementele keuring Sport- en oefenindustrie-gekoppelde praktiese werk.

Kinderpsigoterapie 901 (PSP 901)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	50.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	1 praktiese sessie per week
Onderrigtaal	Beide Afr en Eng
Akademiese organisasie	Sielkunde
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

Hierdie module fokus op gevorderde teoretiese leeswerk en besprekings van die objekverhoudingsraamwerk rakende suigeling- en kinderontwikkeling. Gevallestudies en observasie van suigeling- en kindergedrag sal in die werkswinkels en forum aangebied en behandel word.

Individuele psigoterapie 902 (PSP 902)

Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Sport- en Vryetydstudies
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

In hierdie module word die teorie en realiteit van kruiskulturele en waardegebaseerde besluitneming in sport en rekreasie ondersoek. Verhoudings tussen diverse waardeparadigmas en potensiële konflik in besluitneming word gedebatteer in die kontekste van megasport- en rekreasiegeleenthede.

Sporttoerisme (1) 151 (SRT 151)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	6.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Sport- en Vryetydstudies
Aanbiedingstydperk	Kwartaal 3

Module-inhoud

Definisie van terme, geskiedenis, groepe, motivering, segmentering, tipes, determinante, produk.

Sporttoerisme (2) 152 (SRT 152)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	6.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Sport- en Vryetydstudies
Aanbiedingstydperk	Kwartaal 4

Module-inhoud

Motivering, kultureel, ekonomie, beplanning van byeenkomste, ekstreme sporttoerisme.

Statistiek 110 (STK 110)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	13.00
Programme	BA Option: Sport- en Rekreasiebestuur BAdmin Openbare Bestuur BCom Agribesigheidsbestuur BCom Beleggingsbestuur BCom Bemarkingsbestuur BCom Ekon en Bestuurswetenskappe BCom Ekonomie BCom Entrepreneurskap BCom Finansiële Wetenskappe BCom Informatika: Inligtingstelsels BCom Kommunikasiebestuur BCom Menslikehulpbronbestuur BCom Ondernemingsbestuur BCom Opsie: Voorsieningskettingbestuur BCom Regte BCom Rekeningkundige Wetenskappe BCom Rekreasie- en Sportbestuur BCom Statistiek BEd Seniorfase en Verdere Onderwys en Opleiding-onderwys BSc (Konstruksiebestuur) Konstruksiebestuur (3Jaar) BSc (Rekenaarwetenskap) Rekenaarwetenskap BSc Eiendomswese BSc Fisika BSc Geoinformatika BSc Inligtingtegnologie Inligting- en Kennisstelsels BSc Toegepaste Wiskunde BSc: Bourekenkunde (3Jr) Bourekenkunde BScAgric Landbou-ekonomie: Agribesigheidsbestuur BSocSci Opsie: Filosofie, Politiek en Ekonomie BStads- en Streekbeplanning Stads- en Streekbeplanning BVerbruikerswetenskap Gasvryheidsbestuur BVerbruikerswetenskap Kleding: Kleinhandelbestuur BVerbruikerswetenskap Voedsel: Kleinhandelbestuur
Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie Fakulteit Opvoedkunde Fakulteit Geesteswetenskappe Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe
Voorvereistes	Minstens 5 (60-69%) in Wiskunde in die graad 12-eksamen. Kandidate wat nie kwalifiseer vir STK 110 nie registreer vir STK 113 en STK 123
Kontaktyd	1 tutoriaal per week, 3 lesings per week, 1 praktiese sessies per week
Onderrigtaal	Beide Afr en Eng

Akademiese organisasie	Statistiek
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Beskrywende statistiek:
Steekproefneming en die insameling van datafrekwensieverdelings en grafiese voorstellings. Beskrywende maatstawwe van lokaliteit en spreiding. Waarskynlikheidsleer en inferensie:
Inleidende waarskynlikheidsleer en teoretiese verdelings. Steekproefverdelings. Beramingsteorie en hipotesetoetsing van steekproefgemiddeldes en steekproef-verhoudings (een- en tweesteekproefgevalle). Identifisering, gebruik, evaluering en interpretasie van statistiese rekenaarpakkette en statistiese tegnieke.

Statistiek 113 (STK 113)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	11.00
Programme	BA Option: Sport- en Rekreasiebestuur BAdmin Openbare Bestuur BCom Bemarkingsbestuur BCom Ekon en Bestuurswetenskappe BCom Entrepreneurskap BCom Informatika: Inligtingstelsels BCom Kommunikasiebestuur BCom Menslikehulpbronbestuur BCom Ondernemingsbestuur BCom Opsie: Voorsieningskettingbestuur BCom Regte BCom Rekreasie- en Sportbestuur BEd Seniorfase en Verdere Onderwys en Opleiding-onderwys BScAgric Landbou-ekonomie: Agribesigheidsbestuur BVerbruikerswetenskap Gasvryheidsbestuur BVerbruikerswetenskap Kleding: Kleinhandelbestuur BVerbruikerswetenskap Voedsel: Kleinhandelbestuur
Diensmodules	Fakulteit Opvoedkunde Fakulteit Geesteswetenskappe Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	3 lesings per week, 1 praktiese sessies per week, 1 tutoriaal per week
Onderrigtaal	Beide Afr en Eng
Akademiese organisasie	Statistiek
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

STK 113 en 123 tel op sigself nie as krediet vir graaddoeleindes nie, maar verleen vrystelling van STK 110. Databewerkings en transformasies: Inleidende begrippe: die rol van statistiek, verskillende tipes data en die getallestelsel. Begrippe onderliggend aan lineêre, kwadratiese, eksponensiële, hiperboliese en logaritmiese transformasies van kwantitatiewe data, grafiese voorstellings, oplossing van vergelykings en interpretasie. Bepaling van lineêre vergelykings in praktiese situasies. Eienskappe van logaritmiese funksies. Die verwantskap tussen die eksponensiële en logaritmiese funksies in ekonomiese en verwante probleme. Stelsels van vergelyking in ewewig. Addisionele begrippe van belang by dataverwerking, funksies en inverse funksies, sigma-notasie, faktoriaalnotasie, rye en reekse, ongelykhede (streng, swak, absoluut, voorwaardelik en dubbele) en absolute waardes. Beskrywende statistiek – Eenvariant: Steekproefneming en die insameling van data, frekwensieverdelings en grafiese voorstellings. Beskrywende maatstawwe van lokaliteit en spreiding. Inleidende waarskynlikheidsleer. Identifisering, gebruik, evaluering en interpretasie van statistiese rekenaarpakkette en statistiese tegnieke. Die weeklikse een uur prakties word gedurende die laaste sewe weke van die semester aangebied.

Statistiek 120 (STK 120)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	13.00
Programme	BAdmin Openbare Bestuur BCom Agribesigheidsbestuur BCom Beleggingsbestuur BCom Bemarkingsbestuur BCom Ekon en Bestuurswetenskappe BCom Ekonomie BCom Entrepreneurskap BCom Finansiële Wetenskappe BCom Informatika: Inligtingstelsels BCom Kommunikasiebestuur BCom Menslikehulpbronbestuur BCom Ondernemingsbestuur BCom Opsie: Voorsieningskettingbestuur BCom Regte BCom Rekreasie- en Sportbestuur BCom Statistiek BEd Seniorfase en Verdere Onderwys en Opleiding-onderwys BSc (Rekenaarwetenskap) Rekenaarwetenskap BSc Fisika BSc Geoinformatika BSc Inligtingtegnologie Inligting- en Kennisstelsels BSc Toegepaste Wiskunde BScAgric Landbou-ekonomie: Agribesigheidsbestuur BSocSci Opsie: Filosofie, Politiek en Ekonomie BStads- en Streekbeplanning Stads- en Streekbeplanning BVerbruikerswetenskap Kleding: Kleinhandelbestuur

Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie Fakulteit Opvoedkunde Fakulteit Geesteswetenskappe Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe
Voorvereistes	STK 110 GS of beide STK 113 GS en STK 123 GS of albei WST 133 en WST 143 of beide STK 133 en STK 143
Kontaktyd	3 lesings per week, 1 praktiese sessies per week, 1 tutoriaal per week
Onderrigtaal	Beide Afr en Eng
Akademiese organisasie	Statistiek
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Meervariante statistiek:
Variansieanalise, kategoriese data-analise, verdelingsvrye metodes, krommepassing, regressie en korrelasie, die ontleding van tydreekse en indekse. Statistiese en ekonomiese toepassings van kwantitatiewe tegnieke: Stelsels van lineêre vergelykings; opstelling, matrikse, oplossing en toepassing. Optimering; lineêre funksies (twee en meer onafhanklike veranderlikes), nie-lineêre funksies (een en twee onafhanklike veranderlikes). Marginale en totale funksies. Stogastiese en deterministiese veranderlikes in statistiese en ekonomiese konteks: produsentesurplus, verbruikersurplus, distribusiefunksies, waarskynlikheidsverdelings en digtheidsfunksies. Identifisering, gebruik, evaluering en interpretasie van statistiese rekenaarpakkette en statistiese tegnieke. Hierdie module word ook as anti-semester tweetalige module aangebied.

Statistiek 123 (STK 123)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	12.00
Programme	BA Option: Sport- en Rekreasiebestuur BAdmin Openbare Bestuur BCom Bemarkingsbestuur BCom Ekon en Bestuurswetenskappe BCom Entrepreneurskap BCom Informatika: Inligtingstelsels BCom Kommunikasiebestuur BCom Menslikehulpbronbestuur BCom Ondernemingsbestuur BCom Opsie: Voorsieningskettingbestuur BCom Regte BCom Rekreasie- en Sportbestuur BEd Seniorfase en Verdere Onderwys en Opleiding-onderwys BScAgric Landbou-ekonomie: Agribesigheidsbestuur BVerbruikerswetenskap Gasvryheidsbestuur BVerbruikerswetenskap Kleding: Kleinhandelbestuur BVerbruikerswetenskap Voedsel: Kleinhandelbestuur

Diensmodules	Fakulteit Opvoedkunde Fakulteit Geesteswetenskappe Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe
Voorvereistes	STK 113 GS
Kontaktyd	1 tutoriaal per week, 1 praktiese sessies per week, 3 lesings per week
Onderrigtaal	Beide Afr en Eng
Akademiese organisasie	Statistiek
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

*STK 113 en 123 tel op sigself nie as krediet vir graaddoeleindes nie, maar verleen vrystelling van STK 110.
Optimeringstegnieke met ekonomiese toepassings:
Datatransformasies en verwantskappe met ekonomiese toepassings: bewerkings en reëls, lineêre, kwadratiese, eksponensiële, hiperboliese en logaritmiese funksies, stelsels van vergelykings in ewewig, stelsels van lineêre ongelykhede, oplossing van lineêre programmeringsprobleme met behulp van die grafiese en hoekpuntmetodes.
Toepassings van differensiasie en integrasie in statisties- en ekonomiesverwante probleme: die limiet van ‘n funksie, kontinuïteit, veranderingstempo, die afgeleide van ‘n funksie, differensiasiereëls, hoërorde- afgeleides, optimeringstegnieke, die oppervlakte onder ‘n kromme en toepassings van bepaalde integrale.
Waarskynlikheidsleer en inferensie:
Inleidende waarskynlikheidsleer en teoretiese verdelings. Steekproefverdelings. Beramingsteorie en hipotesetoetsing van steekproefgemiddeldes en steekproefverhoudings (een- en twee-steekproefgevalle).
Identifisering, gebruik, evaluering en interpretasie van statistiese rekenaarpakkette en statistiese tegnieke.
Die weeklikse een uur prakties word gedurende die laaste sewe weke van die semester aangebied.

Statistiek 210 (STK 210)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	20.00
Programme	BCom Agribesigheidsbestuur BCom Beleggingsbestuur BCom Ekon en Bestuurswetenskappe BCom Ekonomie BCom Informatika: Inligtingstelsels BCom Regte BCom Statistiek BScAgric Landbou-ekonomie: Agribesigheidsbestuur BSocSci Opsie: Filosofie, Politiek en Ekonomie
Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie Fakulteit Geesteswetenskappe Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe
Voorvereistes	STK 110, STK 120
Kontaktyd	3 lesings per week, 1 praktiese sessie per week
Onderrigtaal	Dubbelmedium

Akademiese organisasie	Statistiek
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Teltegnieke. Waarskynlikheidsleer: Steekproefruimtes, gebeurtenisse, waarskynlikheidsreëls, voorwaardelike waarskynlikhede, onafhanklike gebeurtenisse en Bayes se stelling. Waarskynlikheidsverdelings en waarskynlikheidsdigtheidsfunksies: kumulatiewe verdelingsfunksies, marginale verdelings, gesamentlike verdelings, voorwaardelike verdelings en onafhanklikheid. Verwagte waardes: Momente, Chebyshev se stelling, momentvoortbringende funksies, produkmomente, momente van linêere kombinasies van stogastiese veranderlikes en voorwaardelike verwagte waardes. Transformasietegnieke van stogastiese veranderlikes. Identifisering, gebruik, evaluering en interpretasie van statistiese rekenaarpakette en statistiese tegnieke.

Statistiek 220 (STK 220)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	20.00
Programme	BCom Agribesigheidsbestuur BCom Beleggingsbestuur BCom Ekon en Bestuurswetenskappe BCom Ekonomie BCom Informatika: Inligtingstelsels BCom Regte BCom Statistiek BScAgric Landbou-ekonomie: Agribesigheidsbestuur BSocSci Opsie: Filosofie, Politiek en Ekonomie
Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie Fakulteit Geesteswetenskappe Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe
Voorvereistes	STK 210 GS
Kontaktyd	1 praktiese sessie per week, 3 lesings per week
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Statistiek
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Spesiale waarskynlikheidsverdelings: die diskrete uniforme verdeling, Bernoulli-verdeling, binomiaalverdeling, negatief-binomiaal- and geometrieseverdeling, die hypergeometriese verdeling, Poissonverdeling en multinomiaalverdeling. Spesiale waarskynlikheids-digtheidsfunkies: Uniforme verdeling, gamma-, eksponentiaal- and chi-kwadraatverdelings, die betaverdeling, die normaalverdeling en die tweeveranderlike normaalverdeling. Funksies van stogastiese veranderlikes. Steekproefverdelings, puntberaming, intervalberaming en hipotese toetsing. Regressie-analise. Identifisering, gebruik, evaluering en interpretasie van statistiese rekenaarpakkette en statistiese tegnieke in die simulasie van verdelings en statistiese inferensie.

Statistiek 310 (STK 310)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	25.00
Programme	BCom Ekon en Bestuurswetenskappe BCom Ekonomie BCom Informatika: Inligtingstelsels BCom Regte BCom Statistiek BScAgric Landbou-ekonomie: Agribesigheidsbestuur
Diensmodules	Fakulteit Geesteswetenskappe
Voorvereistes	STK 210, STK 220
Kontaktyd	3 lesings per week, 1 praktiese sessie per week
Onderrigtaal	Engels
Akademiese organisasie	Statistiek
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Regressie-analise: eenvoudige en meervoudige regressie; nie-lineêre regressie; korrelasie en die gebruik van skynveranderlikes. Meerveranderlike verdelings: normaal-, multinomiaal- en poissonverdeling. Lineêre kombinasies van normaalveranderlikes. Analise van variansie en kovariansie. Kategoriese data-analise. Identifisering, gebruik, evaluering en interpretasie van statistiese rekenaarpakkette en statistiese tegnieke.

Statistiek 320 (STK 320)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	25.00
Programme	BCom Ekon en Bestuurswetenskappe BCom Ekonomie BCom Informatika: Inligtingstelsels BCom Regte BCom Statistiek BScAgric Landbou-ekonomie: Agribesigheidsbestuur
Diensmodules	Fakulteit Geesteswetenskappe
Voorvereistes	STK 310 GS
Kontaktyd	3 lesings per week, 1 praktiese sessie per week
Onderrigtaal	Engels
Akademiese organisasie	Statistiek
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Regressie-analise-uitbreidings: heteroskedastisiteit, reekskorrelasie en sloeringstrukture. Tydreeksanalise. Toepassings van matrikse, differensiasie en integrasie in die ekonomiese en bestuurswetenskappe. Evaluering van eenvoudige ekonomiese modelle. Teorie en toepassings van tydreeksmodelle: eenveranderlike tydreekse. Stasionêre en nie-stasionêre tydreekse. ARMA- en ARIMA-modelle. Regressiemodelle. Modelidentifikasie en -beraming. Spektrum en periodogram. Vooruitskatting met tydreeksmodelle. Identifisering, gebruik, evaluering en interpretasie van statistiese rekenaarpakkette en statistiese tegnieke. Studenteseminare.

Staatsleer 210 (STL 210)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	20.00
Programme	BA Geesteswetenskappe BA Regte BA Tale Tale BA Verlengde Program BA Visuele Studies BAdmin Internasionale Verhoudings BAdmin Openbare Bestuur BPolSci Internasionale Studies BPolSci Politieke Studies BSocSci Bedryfsosiologie en Arbeidstudies BSocSci Opsie: Filosofie, Politiek en Ekonomie
Diensmodules	Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
Voorvereistes	PTO 111(GS), PTO 120(GS)
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Engels
Akademiese organisasie	Politieke Wetenskappe
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Politieke dinamika (Mikro) Die bestudering van die teorie en praktyk van gedragsverskynsels in politiek. Met verwysing na toepaslike voorbeelde val die klem op die studie van politieke kultuur, leierskap, kommunikasie, belangegroepe, partye en partystelsels; op verkiesings, kiesstelsels en kiesersgedrag; en op openbare mening en direkte populêre kontroletegnieke.

Staatsleer 220 (STL 220)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	20.00

Programme	BA Geesteswetenskappe BA Regte BA Tale Tale BA Verlengde Program BA Visuele Studies BAdmin Internasionale Verhoudings BAdmin Openbare Bestuur BPolSci Internasionale Studies BPolSci Politieke Studies BSocSci Bedryfsosiologie en Arbeidstudies BSocSci Opsie: Filosofie, Politiek en Ekonomie
Diensmodules	Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
Voorvereistes	PTO 111(GS), PTO 120(GS), STL 210(GS)
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Engels
Akademiese organisasie	Politieke Wetenskappe
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Politieke dinamika (Makro) ’n Teoretiese begronding en raamwerk word gebied vir die beskrywing, ontleding en klassifikasie van politieke en beleidvraagstukke. Die klem is op die aard van die staat, regeerkunde en konflik in Afrika. Onder andere word ’n studie gemaak van die vraagstukke van kolonialisme en post-kolonialisme, demokratisering, outoritarisme en die ontwikkeling van die staat in Afrika, in die konteks van ’n globaliserende wêreld.

Staatsleer 310 (STL 310)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	30.00
Programme	BA Geesteswetenskappe BA Regte BA Tale Tale BA Verlengde Program BA Visuele Studies BAdmin Internasionale Verhoudings BAdmin Openbare Bestuur BPolSci Internasionale Studies BPolSci Politieke Studies BSocSci Bedryfsosiologie en Arbeidstudies BSocSci Opsie: Filosofie, Politiek en Ekonomie
Diensmodules	Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
Voorvereistes	PTO 111, PTO 120, STL 210(GS), PTO 220(GS)
Kontaktyd	3 lesings per week

Onderrigtaal	Engels
Akademiese organisasie	Politieke Wetenskappe
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Politieke teorie
’n Teoretiese en normatiewe studie van politieke idees. Dit sluit die studie van prominente politieke denkers soos Plato, Thomas Hobbes en John Rawls in, sowel as die kontemporêre manifestasies van ideologieë soos liberalisme, sosialisme, konserwatisme en nasionalisme. Hierdie normatiewe beoordeling van politiek sluit af met ’n kritiese evaluasie van die ontwikkeling, aard en praktiese waarde van prominente demokratiese teorieë, onder andere deelnemende, wetlike en beraadslagende demokrasie.

Staatsleer 320 (STL 320)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	30.00
Programme	BA Geesteswetenskappe BA Regte BA Tale Tale BA Verlengde Program BA Visuele Studies BAdmin Internasionale Verhoudings BAdmin Openbare Bestuur BPolSci Internasionale Studies BPolSci Politieke Studies BSocSci Bedryfsosiologie en Arbeidstudies BSocSci Opsie: Filosofie, Politiek en Ekonomie
Diensmodules	Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
Voorvereistes	PTO 111, PTO 120, STL 210(GS), STL 220(GS), STL 310(GS)
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Engels
Akademiese organisasie	Politieke Wetenskappe
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Deel 1: Demokratiese studies
'n Hoë-vlak kritiese analise van demokratiese teorie en praktyk. Die analise van demokratiese teorie sal temas soos die klassieke, radikale, deliberatiewe en feministiese perspektiewe insluit. Die analise van demokratiese praktyk sal aspekte insluit soos demokratisering, demokratiese konsolidasie, demokratiese burgerskap en samelewing, die rol en belang van die burgerlike gemeenskap, die instellings en prosedures vir demokrasie en "goeie regering".
Deel 2: Politieke analise
Die metodiek en praktyk van politieke analise is die fokus van die studie. Die beginsels en problematiek onderliggend aan verskillende benaderings en metodes van politieke analise word beskryf en verduidelik. Dit sluit die aard, metodes en gebruik van vergelykende analise, vooruitskouing, risiko-analise, prestasie-evaluering en die politieke oudit in. Hierdie analitiese metodes word in die politieke en beleidskonteks geplaas, met beklemtoning van die praktiese waarde daarvan. Daar word deurgaans van toepaslike voorbeelde en gevallestudies gebruik gemaak.

Politieke teorie 751 (STL 751)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	20.00
Programme	BAHons Staatsleer
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Engels
Akademiese organisasie	Politieke Wetenskappe
Aanbiedingstydperk	Semester 1 of Semester 2

Module-inhoud

Dieptestudie en evaluasie van die metateoretiese en teoretiese grondslae van moderne politiek. Die klem val op die idees en teorieë wat vormend is van politiek in die hedendaagse wêreld, sowel as op die vraagstukke en veranderinge in die samelewing wat bestaande politieke teorieë op die proef stel.

Politieke beleidstudies 752 (STL 752)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	20.00
Programme	BAHons Staatsleer
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	1 lesing per week
Onderrigtaal	Engels
Akademiese organisasie	Politieke Wetenskappe
Aanbiedingstydperk	Semester 1 of Semester 2

Module-inhoud

Gevorderde studie van beleidanalise. Beleidanalise as benadering tot openbare beleid stel ten doel om modelle en navorsing te integreer en te kontekstualiseer. Spesiale aandag word geskenk aan meta-analise (metodes en benaderings), meso-analise en besluitnemingsanalise.

Suid-Afrikaanse politiek 753 (STL 753)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	20.00
Programme	BAHons Staatsleer
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Engels
Akademiese organisasie	Politieke Wetenskappe
Aanbiedingstydperk	Semester 1 of Semester 2

Module-inhoud

Studie van Suid-Afrikaanse politiek met verwysing na politieke instellings, die politieke proses, politieke vraagstukke en beleid. Die klem val op resente gebeure en ontwikkelinge in die nasionale en die internasionale politieke omgewings. Faktore wat in hierdie verband bestudeer word, sluit in: politieke partye, organisasies en instellings, die politieke stelsel, die ontwikkeling van die politieke stelsel, stelselaanpassings, transformasie en legitimiteit, invloede op die politieke omgewing, verkiesings, politieke leierskap, beleid en die ontwikkeling van beleid.

Vergelykende politiek 754 (STL 754)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	20.00
Programme	BAHons Staatsleer
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Engels
Akademiese organisasie	Politieke Wetenskappe
Aanbiedingstydperk	Semester 1 of Semester 2

Module-inhoud

Die klem is op die ontwikkeling van vergelykende politiek; probleme in die vergelykende studie van politieke objekte en in die evaluering van benaderings en beginsels onderliggend aan vergelykende analise; sowel as die identifisering en evaluering van nuwe benaderings. Hierdie kennis word toegepas op spesifieke gevallestudies.

Navorsingsverslag: Staatsleer 770 (STL 770)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	40.00

Programme	BAHons Staatsleer
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	1 lesing per week
Onderrigtaal	Engels
Akademiese organisasie	Politieke Wetenskappe
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

’n Beperkte navorsingsverslag van 8 000-10 000 woorde, gebaseer op onafhanklike navorsing wat deur die student in ’n spesialisveld van staatsleer gedoen is, word onder leiding van ’n toesighouer geskryf. Dit word voorafgegaan deur ’n inleiding tot gevorderde politieke navorsing in die dissipline met inbegrip van toepaslike navorsingsmetodologie, navorsingsetiek, en die beplanning en dokumentering van navorsing.

Verhandeling: Staatsleer 890 (STL 890)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	240.00
Programme	MA Staatsleer
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Beide Afr en Eng
Akademiese organisasie	Politieke Wetenskappe
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

Navorsingsverhandeling, gebaseer op onafhanklike navorsing wat deur die student oor goedgekeurde onderwerp in die breë veld van politieke studies gedoen is, word onder leiding van die studieleier geskryf.

Eksamen: Staatsleer 900 (STL 900)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	20.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Beide Afr en Eng
Akademiese organisasie	Politieke Wetenskappe
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

Eksamen/Voordrag oor die proefskrif.

Proefskrif: Staatsleer 990 (STL 990)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	480.00
Programme	DPhil Staatsleer
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Beide Afr en Eng
Akademiese organisasie	Politieke Wetenskappe
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

Navorsingsproefskrif, gebaseer op onafhanklike navorsing wat deur die student oor goedgekeurde onderwerp in die breë veld van politieke studies gedoen is, word onder leiding van die promotor geskryf. Die essensie van die proefskrif is om bewys te lewer van onafhanklike navorsing en om bydrae tot die vakdissipline van staatsleer te maak.

Setswana vir beginners 110 (STW 110)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	12.00
Programme	BA Geesteswetenskappe BA Musiek Musiek BA Opsie: Sport en Vryetyd in die Samelewing BA Opsie: Sportafrigtingswetenskap BA Opsie: Sportsielkunde BA Option: Sport- en Rekreasiebestuur BA Oudiologie BA Regte BA Tale Tale BA Verlengde Program BEd Grondslagfase-onderwys BEd Intermediêrefase-onderwys BEd Seniorfase en Verdere Onderwys en Opleiding-onderwys
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	1 besprekingsklas per week, 2 lesing per week
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Afrikatale
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

*Hierdie module is slegs vir absolute beginners.

Die verwerwing van basiese kommunikatiewe vaardighede in Setswana waarin alledaagse uitdrukkings en gepaste woordeskat met hoë gebruiksfrekwensie figureer, binne bepaalde sosiale situasies.

Inleiding tot Setswana-grammatika – Capita selecta 111 (STW 111)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	12.00
Programme	BA Geesteswetenskappe BA Musiek Musiek BA Opsie: Sport en Vryetyd in die Samelewing BA Opsie: Sportafrigtingswetenskap BA Opsie: Sportsielkunde BA Option: Sport- en Rekreasiebestuur BA Oudiologie BA Regte BA Tale Tale BA Verlengde Program BEd Grondslagfase-onderwys BEd Intermediêrefase-onderwys BEd Seniorfase en Verdere Onderwys en Opleiding-onderwys
Kontaktyd	2 lesing per week
Onderrigtaal	Setswana
Akademiese organisasie	Afrikatale
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

*Vir sprekers van Setswana as huistaal of eerste of tweede addisionele taal.
Aspekte van die grammatika van Setswana soos ’n inleiding tot die woordkategorieë; ’n inleiding tot die struktuur, betekenis en gebruik van die naamwoord; die adjektief; die relatief; die possessief; die werkwoord; skryf- en spelreëls; woordeboeke en woordeboekgebruik; grammatiese ontledings.

Setswana 120 (Npk) (STW 120)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	12.00

Programme	BA Geesteswetenskappe BA Musiek Musiek BA Opsie: Sport en Vryetyd in die Samelewing BA Opsie: Sportafrigtingswetenskap BA Opsie: Sportsielkunde BA Option: Sport- en Rekreasiebestuur BA Regte BA Tale Tale BA Verlengde Program BEd Grondslagfase-onderwys BEd Intermediêrefase-onderwys BEd Seniorfase en Verdere Onderwys en Opleiding-onderwys
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	2 lesing per week, 1 besprekingsklas per week
Onderrigtaal	Engels
Akademiese organisasie	Afrikatale
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Setswana letterkunde: Capita selecta 751 (STW 751)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	20.00
Programme	BAHons Afrikatale
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	1 lesing per week
Onderrigtaal	Setswana
Akademiese organisasie	Afrikatale
Aanbiedingstydperk	Semester 1 of Semester 2

Module-inhoud

Analise van die basiese kenmerke en struktuur van die verskillende literêre genres in Setswana: digkuns (tradisioneel en modern), kortverhale, novelles en dramas. Inleiding tot die narratologiese perspektief as instrument vir literêre analise. Word slegs aangebied indien die aantal studente dit regverdig.

Miniverhandeling: Setswana 895 (STW 895)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	20.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Dubbelmedium

Akademiese organisasie	Afrikatale
Aanbiedingstydperk	Histories

SiSwati letterkunde: Capita selecta 751 (SWA 751)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	20.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	1 lesing per week
Onderrigtaal	Beide Afr en Eng
Akademiese organisasie	Afrikatale
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

* Telematies Analise van die basiese kenmerke en struktuur van die verskillende literêre genres in siSwati: digkuns (tradisioneel en modern), kortverhale, novelles en dramas. Medium van onderrig: siSwati. Word slegs aangebied indien die aantal studente dit regverdig.

Spraakwetenskap 101 (SWL 101)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	5.00
Programme	BA Oudiologie
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Spraak-Taalpatologie en Oudiol
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

*Geslote – vereis departementele keuring Inleiding tot die studie van taal: Inhoud: Semantiek. Vorm: fonologie, morfologie, sintaksis. Gebruik: pragmatiek en paralinguïstiese aspekte. Klankstruktuur van taal: fonologie in meer besonderhede. Inleiding tot toepassing op fonologiese ontwikkelingsafwykings en verworwe fonologiese afwykings. Normale ontwikkeling van morfologie en sintaksis. Kindertaal-analises in kommunikasiepatologie – teoretiese basis en praktiese oorwegings in ‘n kliniese en navorsingskonteks.

Spraakwetenskap 111 (SWL 111)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	6.00

Programme	BA Oudiologie
Voorvereistes	Toelating tot relevante program
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Spraak-Taalpatologie en Oudiol
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

*Geslote – vereis departementele keuring
Inleiding tot klankfisika; resonansie en spraak; akoestiese fonetiek, inleiding tot klankspektrografie; spraak-akoestiek; psigo-akoestiek en klankpersepsie; ouditiewe persepsie van spraak – belangrikste teorieë en strategieë vir spraakherkenning.

Spraakwetenskap 120 (SWL 120)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	12.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Spraak-Taalpatologie en Oudiol
Aanbiedingstydperk	Histories

Module-inhoud

Inleiding tot die studie van taal: Inhoudsemantiek; vormfonologie, morfologie, sintaksis; gebruikspragmatiek, paralinguistiese aspekte. Klankstruktuur van taalfonologie. Inleiding tot toepassing op fonologiese ontwikkelingsafwykings en verworwe fonologiese afwykings.

Spraakwetenskap: Prakties 181 (SWL 181)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	5.00
Programme	BA Oudiologie
Voorvereistes	Toelating tot relevante program
Kontaktyd	28 praktiese sessies
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Spraak-Taalpatologie en Oudiol
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

*Geslote – vereis departementele keuring
Artikulatoriese fonetiek; ouditiewe spraakklankdiskriminasie (normale spraakklanke); fonetiese transkripsie van die klanke van normale spraak; artikulatoriese en ouditiewe bewustheidsopleiding.

Spraakwetenskap 201 (SWL 201)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	10.00
Programme	BA Oudiologie
Voorvereistes	SWL 111 en SWL 181
Kontaktyd	5 Kliniese oefensessies
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Spraak-Taalpatologie en Oudiol
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

*Geslote – vereis departementele keuring
Spraak- en stemanalise vir kliniese- en navorsingsdoeleindes: opname van ‘n spraakvoorbeeld en persepsuele analise van normale en afwykende spraak- en stemproduksie.

Spraakwetenskap 210 (SWL 210)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	10.00
Programme	BA Oudiologie
Voorvereistes	SWL 101
Kontaktyd	2 lesing per week, 4 Kliniese oefensessies
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Spraak-Taalpatologie en Oudiol
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

*Geslote – vereis departementele keuring Pragmatiese ontwikkeling: Sosiale en kommunikatiewe basisse van taal. Pragmatiese ontwikkeling van die voorskoolse kind. Pragmatiese ontwikkeling van die skoolgaande kind en volwassene. Taal- en sosiokulturele diversiteit en kommunikasiepatologie. Kultureelgeldige taalevaluering en intervensiestrategieë binne ’n tweetalige en meertalige konteks.

Spraakwetenskap 220 (SWL 220)

Kwalifikasie	Voorgraads

Modulekrediete	10.00
Programme	BA Oudiologie
Voorvereistes	SWL 101
Kontaktyd	2 lesing per week
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Spraak-Taalpatologie en Oudiol
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

*Geslote – vereis departementele keuring Suid-Afrikaanse gebaretaal binne die raamwerk van internasionale gebaresisteme. Die beginsels van gebaretaal – leksikon en grammatika. Praktiese inoefening van basiese gesprekvoering. Die rol/benutting van gebaretaaltolke.

Spraakwetenskap 224 (SWL 224)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	5.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	1 lesing per week, 1 praktiese sessies per week
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Spraak-Taalpatologie en Oudiol
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

*Oop - slegs vir nie-departementele studente. Aangebied deur Tshwane Gebaretaalsentrum. Suid-Afrikaanse gebaretaal binne die raamwerk van internasionale gebaresisteme. Die beginsels van gebaretaal - leksikon en grammatika. Praktiese inoefening van basiese gespreksvoering. Die gebruik/rol van gebaretaaltolke.

Spraakakoestiek 780 (SWL 780)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	10.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	2 lesing per week, 2 ander kontak per week
Onderrigtaal	Engels
Akademiese organisasie	Spraak-Taalpatologie en Oudiol
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

*Telematies Inleiding tot klankfisika (die voortplanting van klank, klankgolwe); basiese eienskappe van klank (frekwensie, golflengte, amplitude, fase, komplekse klanke, klankdruk, klankdrywing) en ander eienskappe van klank (absorpsie, refleksie, refraksie, diffraksie, resonansie).

Kommunikasie en spraakpersepsie 781 (SWL 781)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	10.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	2 lesing per week, 2 ander kontak per week
Onderrigtaal	Engels
Akademiese organisasie	Spraak-Taalpatologie en Oudiol
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

*Telematies Teorieë van ouditiewe spraakpersepsie. Kommunikasie en kommunikasievariasie. Oorsig van spraak-, taal- en gehoorafwykings. Die prosessering van klank.

Toerismebestuur 210 (TBE 210)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	16.00
Diensmodules	Fakulteit Geesteswetenskappe Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Afdeling Toerismebestuur
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Die Toerismestelsel/sisteem
Hierdie module stel toerismebestuur voor vanuit ‘n stelselbenadering. Die aanvraag na en aanbod van toerisme asook die impak van die omgewing word gedek. Toerismevraag word bestudeer vanaf die motivering van toeriste tot toerisme as ‘n wêreldwye beweging/tendens met toerisme-aanbod vir natuurlike en kulturele hulpbronne tot industriesektore soos gasvryheid, vervoer en besienswaardighede (insluitend gebeure). Die funksionele en fisiese verbindinge tussen vraag en aanbod word gedek, asook ‘n analise van die rol en impak van wetlike aspekte, beleid, nasionale, streeks- en plaaslike liggame en omgewingstendense.

Toerismebestuur 220 (TBE 220)

Kwalifikasie	Voorgraads

Modulekrediete	16.00
Diensmodules	Fakulteit Opvoedkunde Fakulteit Geesteswetenskappe Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe
Voorvereistes	TBE 210 GS
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Afdeling Toerismebestuur
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Strategiese Toerismebestuur Hierdie module bied twee onderling-verbonde temas aan: Strategiese bestemmingsbemarking en kontemporêre kwessies in toerisme. Strategiese bestemmingsbemarking verken die unieke eienskappe van en benaderings tot die bemarking van toerismebestemmings. Dit voorsien ‘n bestuurs- en operasionele raamwerk vir bestemmingsbemarking waarbinne tendense, praktyke en gevallestudies behandel word. Kontemporêre kwessies in toerisme ondersoek ontwikkelinge in toerisme insluitende volhoubare en ekotoerisme, kultuurtoerisme en sporttoerisme.

Toerismebestuur 310 (TBE 310)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	20.00
Diensmodules	Fakulteit Opvoedkunde Fakulteit Geesteswetenskappe Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe
Voorvereistes	TBE 210 GS
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Afdeling Toerismebestuur
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Toerisme Industrie Sektorbestuur 1 Hierdie module dek die bestuur van twee industrie sektore: toerisme attraksies (insluitend gebeure) en gasvryheid. Besoekersattraksies (insluitend gebeure) wat die kern van suksesvolle toerisme is word aangespreek op drie vlakke: die sleutelrol van besoekersattraksies/gebeure in die toerisme industrie, die oorhoofse ontwikkelingsproses (volhoubaarheidstudies, finansiële en ontwerp aspekte ens.) wat verband hou met besoekersattraksies/gebeure, en uiteindelik die strategiese bestuur en operasionele aspekte van besoekersattraksies/gebeure. Gasvryheidbestuur dek al die operasionele en bestuursfunksies van die “gastesiklus” van die oomblik wat ‘n potensiële gas ‘n akkommodasie instelling kontak tot en met die tyd wat hy of sy vertrek. ‘n Onderskeiding word gemaak tussen inkomstesentra en ondersteuningsentra. Voedsel en drank bestuur vorm ook ‘n noodsaaklike bestanddeel van hierdie afdeling. Omdat finansiële bestuur en kosteberaming kritiek is tot die sukses van enige gasvryheidsorganisasie word beleid, beginsels en prosedures met betrekking tot die finansiële bedrywighede en finansiële bestuur van sulke instellings ook gedek.

Toerismedistribusiebestuur 320 (TBE 320)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	20.00
Diensmodules	Fakulteit Opvoedkunde Fakulteit Geesteswetenskappe
Voorvereistes	TBE 210 GS
Kontaktyd	4 lesing per week
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Afdeling Toerismebestuur
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Toerisme Industrie Sektorbestuur II Hierdie module dek die bestuur van twee industrie-sektore in die konteks van toerisme: vervoer en distribusiekanale. Vervoer vorm ‘n integrale deel van toerisme. Hierdie deel van die werk dek hoe toerisme deur vervoer geaffekteer word en ondersoek die aanbod van- en vraag na vervoer vanuit ‘n toerisme-perspektief. Dit stel ook die verskeie vorme van vervoer bekend sowel as hul impak op die toerismesisteem en industrie. Toerisme- distribusiebestuur verskaf ‘n oorsig van die teorie van distribusie in die toerisme-verband en beskryf ook die integrale aard van inligting in toerisme. Distribusiekanale word ontleed en die unieke aard van toer-groothandel, reis-kleinhandel, sake- en korporatiewe reisbestuur en motiveringsreise word ondersoek. Let wel: Verskeie praktiese en bedryfsinteraksie-aktiwiteite is ondersteunend tot die teoretiese komponent van die TBE 110, 120, 210, 220, 310, en 320-leerplanne en vind gedurende vakansietye, oor naweke en na-uurs plaas om praktiese en bedryfsvaardighede te ontwikkel. In oorleg met die afdelingshoof moet ‘n student 1 000 "krediete" verwerf vir die praktiese komponent (wat bevredigende klasbywoning, goedgekeurde praktiese werk en toepaslike praktiese kortkursusse behels soos deur die afdelingshoof bepaal) alvorens ‘n student tot die eksamen in TBE 320 toegelaat sal word.

Teaterstudies: Praxis 100 (TNP 100)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	12.00
Voorvereistes	SBP 100
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Drama
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

*Geslote – Slegs vir BA (Drama)-studente *Moet saam met SBP 100 geneem word Basiese speltegnieke word ondersoek. Aspekte van self, ander en ruimte word verken en toegepas by wyse van speloefeninge, teaterspeletjies, improvisasie en interpretasie van toepaslike materiaal. Die beginsels van storievertel/narratief/toneelskepping/konstruksie en interpretasie/herskepping word verken. Studente sal ingelei word tot die beginsels van mikrofoontegnieke.

Optredestudies: Praxis 110 (TNP 110)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	20.00
Programme	BDram Drama
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	Twelve times keer per week
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Drama
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

*Geslote – Slegs vir BDram-studente
*Studente moet al die komponente van hierdie module slaag om tot die volgende jaarvlak bevorder te word.
Basiese speltegnieke word ondersoek. Aspekte van self, ander en ruimte word verken en toegepas by wyse van speloefeninge, teaterspeletjies, improvisasie en interpretasie van toepaslike materiaal. Die beginsels van storievertel/narratief/toneelskepping/konstruksie en interpretasie/herskepping word verken.
Die module sal ervaringgedrewe somatiese beginsels vir die akteur bekendstel. Studente sal omgaan met die hoekstene van stem/liggaam integrasie wat veilige, interaktiewe en verhoogde gebruik van liggaam en stem tydens optrede daar sal stel. Studente sal hierdie hoekstene aanwend in dissipline-spesifieke vaardigheidsopleiding, asook vir optrede, insluitende toneelspel.

Teaterstudies: Praxis 200 (TNP 200)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	20.00
Voorvereistes	SBP 200
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Drama
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

*Geslote – Slegs vir BA(Drama)-studente *Moet saam met SBP 200 geneem word Rolspel en beliggaming Speltegnieke word ondersoek en geplaas binne geselekteerde modaliteite van optrede gekoppel aan die nosies van rolspel en beliggaming. Verskillende teaterpraktyke, waaronder dié van Brecht en Shakespeare, word ondersoek. Realisme in optrede Speltegnieke wat verband hou met Realisme in optrede word verken en toegepas by wyse van speloefeninge, improvisasie en interpretasie van toepaslike materiaal. Die teorieë van Stanislavski ondersteun die verkenning.

Teaterstudies: Praksis 300 (TNP 300)

Kwalifikasie	Voorgraads

Modulekrediete	20.00
Voorvereistes	SBP 300
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Drama
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

*Geslote – Slegs vir BA (Drama)-studente *Moet saam met SBP 300 geneem word Lewendige optrede en tegniese optrede Hierdie module benut die nosies van skepping, waardering en uitvoering om geselekteerde modaliteite van kontemporêre lewendige teateroptredes sowel as optrede vir die tegniese media te ondersoek.

Teaterkunde: Teorie 110 (TNT 110)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	12.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Drama
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Teater: Tegnies en kreatief In hierdie module maak die student kennis met die woordeskat en tegniese aspekte van teater. Dit sluit in die prosesse wat gepaard gaan met die skepping en uitvoering van teaterproduksies. Die klem val op die wyses waarop die kreatiewe visie van die regisseur ondersteun en uitgevoer word om sodoende die estetiese kwaliteit en konsepsuele omraming van die produksie te bevorder en te konsolideer. Die toepaslike verantwoordelikhede van die tegniese en kreatiewe teaterpraktisyns word in konteks geplaas

Teaterkunde: Teorie 111 (TNT 111)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	10.00
Programme	BDram Drama
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Drama
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

*Geslote – Slegs vir BDram-studente
Uitvoerendekunstebestuur
In hierdie module sal die student bekendgestel word aan die huidige stand van die uitvoerende kunste in Suid-Afrika. Die woordeskat en tegniese aspekte van teater sal ondersoek word. Dit sluit in die prosesse wat gepaard gaan met die skepping en uitvoering van teaterproduksies. Die klem val op die wyses waarop die kreatiewe visie van die regisseur ondersteun en uitgevoer word om sodoende die estetiese kwaliteit en konseptuele omraming van die produksie te bevorder en te konsolideer. Die vaardighede en verantwoordelikhede van die tegniese en kreatiewe teaterpraktisyns word in konteks geplaas.

Teaterkunde: Teorie 120 (TNT 120)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	12.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Drama
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Die voordraer: uitvoering van die lewe In hierdie module verken studente die fundamentele beginsels van rolspel en die noodsaaklike kenmerke word geïdentifiseer en beskryf. Die omlyning van ’n rolspel in verskeie sosiale, kulturele en politiese arenas en die strategieë wat aangewend word, vorm die vertrekpunt van hierdie ondersoek. Studente leer die vaardigheid om riglyne te put uit die dualiteit van die teks sowel as die lewe gedurende die proses van karakterontwikkeling.

Teaterkunde: Teorie 122 (TNT 122)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	10.00
Programme	BDram Drama
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Drama
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

*Geslote – Slegs vir BDram-studente
Teater- en optredestudies
In hierdie module verken studente die fundamentele beginsels van rolspel en die noodsaaklike kenmerke word geïdentifiseer en beskryf. Die omlyning van ?n rolspel in verskeie sosiale, kulturele en politiese arenas en die strategieë wat aangewend word, vorm die vertrekpunt van hierdie ondersoek. Studente leer die vaardigheid om riglyne te put uit die dualiteit van die teks sowel as die lewe gedurende die proses van karakterontwikkeling.

